# Hoofstuk 6

## Wisselwerking tussen die rivier, kultuur, ekonomie en ontspanning

Die identifisering en vertolking van kultuurverskynsels word in hierdie hoofstuk onder die volgende tematiese opskrifte aangepak: die bedryfslewe en grondbenutting, soos boerdery- en nie-boerdery- (toerisme- en ontspannings-) gebruik, handel en ekonomie, die verskynsel van verstedeliking, en toerisme en ontspanning in samehang met die proklamering van die gebied as wêrelderfenisterrein. Die vroeë pionier wat meer in harmonie met die omgewing geleef het, het gejag asook vee en gemengde boerdery bedryf. Die mense wat later in die Koepelgebied gevestig het, het probeer om die natuur, en meer spesifiek die Vaalrivier, te onderwerp en daaroor te heers. 'n Era van landbou het gevolg. Ofskoon daar sedert die 19de eeu aanduidings van plaaslike ontspannings- en toerisme-aktiwiteite langs die Vaalrivier is, sou die ekonomiese potensiaal daarvan eers aan die begin van die 21ste eeu prominent uitkristalliseer.

Die grondgebruikpatroon-model van Johann Heinrich von Thünen (1783-1850), wat op ekonomiese swaartepunte berus, belig die feit dat verskeie faktore 'n rol speel in die wyse waarop grond benut word.[1] Dié model stem grootliks ooreen met die aktiwiteite in die Koepelarea. Behalwe die geologiese formasies en topografie, is die boerdery-aktiwiteite soortgelyk bepaal deur die bestaande grondbenuttingspatroon, bruikbaarheid van die grond, ruimtelike faktore (soos byvoorbeeld die ligging van die paaie, asook van die naaste dorpe of markte), en wetlike voorskrifte rakende grondgebruik. Voor die bou van brûe het die posisie van die Vaalrivier gedurende die reënseisoen die boere se toegang tot die naaste dorpe en markte jaarliks vir 'n paar maande gestuit, met verreikende gevolge. Daarby het wetlike voorskrifte oor grondgebruik nie soseer 'n rol gespeel nie, maar wel dié oor wie grond mag besit (slegs blanke burgers tussen 16 en 60 jaar) en wie nie (inheemse bevolkingsgroepe en bruinmense). Dit was ook in die Koepel-omgewing die geval.

---

1 T. Kuhlman *et al.*, *Linking models in land use simulation: application of the land use scanner to changes in agricultural area* [Website: http://www-sre.wu-wien.ac.at/ersa/ersaconfs/ersa05/papers/ 451.pdf] [Accessed: 2012.01.11].

Die natuur blyk 'n daadwerklike rolspeler in die geskiedenis van die plaaslike inwoners van die gebied te wees. Natuurlike rampe soos peste, plae, vloede en droogtes, asook menslike rampe soos oorlog en ekonomiese depressie, veral in die 1930's, het 'n groot invloed op die geskiedenis van die plaaslike nedersetters uitgeoefen. Die Koepelarea het gevolglik ná 1933 'n tydperk van grootskaalse ontvolking beleef. Vir diegene wat agtergebly het, was dit 'n stryd om te oorleef. Die invloed van die bodem, soos die rivier wat opdroog (waterskaarste), hongersnood, veevrektes, 'n sukkelende ekonomie en toenemende isolasie, asook die lotgevalle van bywoners en kenmerkende trekke in die volksaard van die boerende gemeenskap wat in die Koepel agtergebly het, sal bespreek word.

### Bedryfslewe

Indien die proses van vestiging bekyk word, moet daar in besonder gelet word op die bedrywighede van diegene wat die gebied beset het, aangesien die aard daarvan sal bepaal of nedersetters as permanente of tydelike inwoners van die omgewing beskou moet word. In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat daar, uit die tipe wonings wat inwoners bou, afgelei kan word of hulle vestiging blywend of tydelik van aard is. Die emigrante wat tot aan die einde van 1848 die land ingekom het, was daarop geregtig om twee plase uit te soek en te bewoon. Dié het hulle van die staat ontvang; die een was 'n saai- en die ander 'n veeplaas.[2] Volgens 'n Z.A.R. Volksraadsbesluit van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.), Art. 198, soos vervat in die Grondwet van 1858, is besluit dat diegene wat twee plase tussen 1839-1848 ontvang het dit mag behou, maar dubbel belas word op die tweede plaas.[3] Dit was ook die geval in die Vrystaat.[4] Die Z.A.R. se Volksraadsbesluit, Art. 199 van die Grondwet van 1858 het gestipuleer dat diegene wat ná 1848 noord van die Vaalrivier gevestig het, net geregtig was op een plaas wat op grond van burgerregte toegeken is.[5] Hierdie burgers moes selfs belasting betaal vir die aanhou van beeste, skape en bokke. Dié datum is volgens

[2] 1858, J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 464.

[3] J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 464.

[4] 29 Apr. 1854, J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, O.V.S., 1, pp. 129, 130, 135.

[5] J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 3, p. 464.

Artikel 149 van die Volksraadsnotule van 28 September 1860 verander na 1852.[6] Die aanvanklike stelsel van besitreg (naamlik die lenings- en eiendom-gronduitgifte), het veroorsaak dat meeste boere twee plase besit het en beide landbou en veeboerdery bedryf het – 'n stelsel wat 'n mate van stabiliteit deur bewoning en die benutting van die bodem geskep het.

**Veeteelt**

Verskeie kulturele antropoloë huldig die standpunt dat die verskillende maniere waarop die mens sy voedsel bekom, verteenwoordigend van sy ontwikkelingsvlak is.[7] Daarvolgens is die laagste vlak van voedselverkryging die jag op wilde diere en die versameling van plantvoedsel wat in die natuur wild groei. Daarna word die mens 'n veeboer en uiteindelik 'n akkerbouer. Wanneer hy by die akkerbou-vlak kom, is sy verblyf gewoonlik permanent. Dit is egter nie altyd die geval nie. Sommige trekkers het akkerbou laat vaar om in die binneland 'n bestaan slegs met veeboerdery te gaan soek. Hulle het gejag om in hulle daaglikse voedselbehoeftes te voorsien, aangesien wild oorvloedig was. Hulle jagtersbestaan was in hierdie geval nie 'n aanduiding van hulle "lae" ontwikkelingsvlak nie, aangesien hulle voor die trek na die binneland 'n redelik beskaafde kultuurvlak in die Kaapkolonie gehandhaaf het.

Periodieke migrasies, soos die winter- en droogte-trek na die vlaktes aan die oewers van die Oranjerivier, was teen die begin van die 19de eeu in die Graaff-Reinet-omgewing 'n periodieke verskynsel.[8] Namate daar meer plase in die gebied van die trek-veld uitgegee is, het die veeboere elke jaar verder met hulle vee getrek om by hulle winter-lêveld te kom. Hierdie migrasies was die voorlopers van die permanente kolonisasie van die trek-veld wat later gevolg het, asook 'n bydraende faktor wat die okkupasie van die land na die noorde versnel het.[9] Die seisoentrek-tradisie is in die binneland, veral op die Hoëveld (die gebied ten noorde van die Vaalrivier) voortgesit. Die veeboere het gedurende die droë wintermaande, wanneer die gras in die suidelike gebiede doodgeryp het, met

---

6 J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1859-1863 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 4, p. 79.

7 P. Farb, *Humankind*, p. 154.

8 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 118.

9 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, pp. 117, 119.

hulle vee noordwaarts na die sogenaamde Bosveld getrek.[10] Selfs ná 1877 is daar nog van die nomadiese bestaanswyse van die veeboere gepraat. Hierdie proses van "transhumance" was 'n seisoentrek.[11] In die winter is daar agter die soetgrasvelde in die Laeveld, en in die somer agter die suurveld op die Hoëveld, met die vee getrek.[12] Laasgenoemde gebied word in die somerreënvalstreke gevind, waar die gras sy beste voedingswaarde gedurende die reënseisoen bereik (d.w.s., van Oktober tot Januarie). Hierdie veeboere, onder beide die inheemse bevolking en diegene van Europese herkoms, het gevolglik nie heeljaar op dieselfde plek gebly nie, wat 'n mate van onbestendigheid geskep het.

Veeteelt was van die staanspoor af die oorwegende bedryf van die nedersetters in die Z.A.R. en die Vrystaat, aangesien hulle met groot hoeveelhede vee uit die Kaap getrek het. Hierná was 'n gemengde boerdery met die klem op veeteelt die algemene metode van boerdery in Transvaal[13] en ook suid van die Vaalrivier.[14] Die veeboer het vanaf 1855 in 'n sekere mate 'n swerwersbestaan in die binneland gevoer, omdat sommige weidingsgras geskik was vir somer- en ander weer vir winterweiding. Die tydelike skaarste aan weiding het hulle by tye daartoe genoop om rond te trek.[15] Die Hoëveldse koue winters kon ook 'n rede vir die wintertrek gewees het. Saam met veeteelt is meestal 'n sogenaamde seisoentrek (nomadisme of *transhumance*) beoefen. Die nomadisme het met die koms van die motor en vragmotor, gedurende die dertigerjare van die 20^ste^ eeu, 'n meer gesofistikeerde vorm aangeneem. Aangesien die plaasgrense gesluit en paaie geteer is, is die diere met trein- of padvervoer na die winter of somerweiding geneem.

---

10 F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1959(2), p. 79.

11 F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1959(2), p. 79.

12 C. Ballard, "Drought and economic distress: South Africa in the 1800s" in *Journal of Interdisciplinary history*, 17(2), Autumn, 1986, p. 365.

13 A. Aylward, *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*, p. 120.

14 A.P.J. van Rensburg, Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30, 1967(2), p. 147.

15 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 11.

Diegene met twee plase het meestal 'n saaiplaas op die Hoëveld en 'n veeplaas in die Laeveld of Vrystaatse Middelveld gehad, waar daar goeie winterweiding vir die vee was. Op die saaiplaas is gewoonlik 'n permanente woning opgerig en op die veeplaas net 'n tydelike een. Voor die eerste reën van die somerseisoen het die boer na die saaiplaas teruggetrek sodat daar vir die volgende seisoen geplant kan word. Alhoewel plaasgrense lank vóór 1900 in die Boererepublieke blywend was, het seisoentrekke (*transhumance*) ná 1905 nog onder veeboere voorgekom.[16] In die Potchefstroom-omgewing het die veeboere met hulle vee oor die Vaalrivier agter winterweiding aan, na die warm Koepelrante in die omgewing van Venterskroon, getrek.[17] Ene mnr. Newington het selfs sy weiding by die Vaalrivier in die beskutte area van Venterskroon vir kuddes van buite aangebied. Hy het ook onderneem om die vee (skape) persoonlik teen betaling op te pas.[18] Gedurende 1906 het mnr. Pistorius, 'n prominente skaapboer van Potchefstroom, beplan om met sy skape vóór die winter oor die Vaalrivier na die suide te trek. Hy het egter kapsie gemaak teen sekere bepalings van die Trekboerwetgewing.[19] Volgens Proklamasie No. 20 van 1906 van die Oranjerivier-kolonie, moes skape twee keer gedip word voordat hulle oor die Vaalrivier mag gaan, en die laaste dip moes in die teenwoordigheid van 'n veearts binne 4,8 km (3 myl) vanaf die grens plaasvind.[20] Hierdie reëling, wat aanvanklik in die Kaapkolonie toegepas is, moes die boere glo teen Rhodesiese Rooiwater beskerm. Pistorius het aangevoer dat dit reeds te koud was om sy skape, wat vry was van enige siektes, te dip, dat Rhodesiese Rooiwater glad nie in die Potchefstroom-distrik voorkom nie, en dat die veeartse buitendien baie ver was en gevolglik nie 'n sertifikaat kon uitreik nie.[21] Met Uniewording in 1910 het provinsiale oorgrensbewegings hierdie streng koloniale bepalings vervang.

---

16 TAB, GOV, 958 [PS 17/66/06] "Passage of sheep over Vaal River, J.C.H. Pistorius" 1906.05.04; W. Beinart, P. Delius, & S. Trapido (eds.), *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa 1850-1930*, p. 375.

17 TAB, TAD, 649 [G2881/10] "Potchefstroom experimental farm, acquisition of Mr. Newington's farm at Venterskroon for grazing purposes" 1905.05.31; 1905.06.31; 1905.10.25.

18 TAB, TAD, 649 [G2881/10] "Potchefstroom experimental farm, acquisition of Mr. Newington's farm at Venterskroon for grazing purposes" 1905.05.31; 1905.06.31; 1905.10.25.

19 TAB, GOV, 958 [PS 17/66/06] "Passage of sheep over Vaal River, J.C.H. Pistorius" 1906.05.04.

20 TAB, GOV, 958 [PS 17/66/06] "Proclamation No. 20 of 1906" 1906.05.19.

21 TAB, GOV, 958 [PS 17/66/06] "Transvaal Agricultural Union" 1906.04.30.

### ***Ontwikkeling van veeteelt***

Daar kan 'n onderskeid gemaak word tussen primitiewe veeteelt, nomadiese veeteelt, ekstensiewe veeteelt en intensiewe veeteelt.[22] Met primitiewe veeteelt word hoofsaaklik verwys na 'n primitiewe samelewing, waar daar meer sprake was van "aanhou van diere" as van aktiewe doelgerigte veeteelt of kuddebou. Die diere het aan die mens voedsel en soms kleding, en ook hulp met werk verskaf. Hierdie diere word nie versorg nie, loop vry rond en moet hulle eie kos soek. By nomadiese veeteelt[23] is daar sprake van aktiewe veeteelt. Die vee verskaf nie net kos en byprodukte nie, maar ook 'n mate van sosiale aansien aan die eienaar, wat verkies om sy eie heer en meester te wees. Daar bestaan meestal nie besitreg op grond nie, en die boer trek saam met sy vee, gewoonlik teen die einde van die seisoen, na nuwe weivelde. Ekstensiewe veeteelt[24] kom voor waar vee hoofsaaklik as werkdiere aangehou word, in gebiede waar landbou vir persoonlike voedselvoorsiening bedryf word. Hierdie tipe boerderye kom meestal voor in gebiede met uitgestrekte grasvelde wat yl bevolk is. Die diere is vir hulle voedsel geheel en al op die graslande aangewys, sodat 'n groot oppervlakte nodig is per dier. Veeoppassers word gewoonlik gehuur om die vee op te pas. Soms word daar in of naby gebiede met hoë bevolkingskonsentrasies en 'n hoë lewenstandaard, intensiewe veeteelt[25] vir baie gespesialiseerde doeleindes bedryf. Op 'n wetenskaplike wyse word die dier so geteel dat net een produk gelewer word, soos byvoorbeeld melk of vleis. Dit word soms in samehang met akkerbou, wat voergewasse lewer, bedryf. Hierdie vorm van veeteelt vereis 'n hoë belegging en leen hom goed tot meganisering. Voerkrale val in hierdie kategorie.

### Aan die Kaap

Op 21 Februarie 1657, met die uitreiking van vrybriewe aan nege amptenare van die *Verenigde Oost-Indische Compagnie* (V.O.I.C.) om langs die Liesbeekrivier met groente en tabak te boer, is landbougrondbenutting aan die Kaap gevestig.[26] Van die boere is daar verwag om hul produksie aan die V.O.I.C. te verhandel met die doel om in die voedselbehoeftes van verbyvarende skepe te voorsien wat by Kaapstad aangedoen het. Teen die begin van die 18$^{de}$ eeu het W.A. van der Stel

---

22 P. Haggett, *Geography: a modern synthesis*, pp. 436-440.

23 P. Haggett, *Geography: a modern synthesis*, p. 439.

24 P. Haggett, *Geography: a modern synthesis*, p. 437.

25 P. Haggett, *Geography: a modern synthesis*, p. 437.

26 J. de Villiers, "Die Nederlandse era aan die Kaap, 1652-1806" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 43.

progressiewe boerderymetodes in veral skaapboerdery aangemoedig.[27] 'n Spontane klemverskuiwing in boerderypraktyk het gevolglik plaasgevind, en akkerbou is grootliks met veeboerdery vervang. Die veeboer het van een plek na die ander geswerf, op soek na water en weiding vir sy vee, en was geneig om op sy eie en afgesonderd 'n plaas aan te lê. Verder het die Kaapse volksplanting 'n vorm van isolasie ontwikkel, omdat dit nie maklik was om oor die hoë Sneeu-, Nuweveld-, Roggeveld- en Langeberge te trek nie. Dis verder opmerklik dat daar reeds vanaf die 17de eeu riviere as sigbare grense in suidelike Afrika gevolg is.[28] Die vroeë Kaapse uitbreidings na die Berg- en Breërivier (teen 1727), die Gourits- (1729), Groot Brak- (1730), Gamtoos-, Seekoei-, Kat- en Visrivier (teen 1780), asook die Keiskamma-, Boesmans- en Keirivier is sprekende voorbeelde hiervan.[29] Veeboere is in die ooste deur die Xhosas en in die noorde deur die droë Karoo ingeperk. Hierdie versperrings het hulle gedwing om in 'n noordoostelike rigting te beweeg.[30] Klimaatstoestande soos droogtes, en in sommige gevalle siektes (soos die Tsetse-vlieg en malaria), het onbewoonde gebiede verder noord in die binneland laat ontstaan. Daarby het swak verkeersweë en ondoeltreffende vervoermiddele die pioniers se beweeglikheid in 'n groot mate gestrem.

### In die binneland

Portugese matrose het reeds in die 15de eeu aangeteken dat die Khoikhoin in die suid-westelike streke van die land kuddes Afrikanerbeeste (*Bos indicus*) besit het.[31] Die trekkers na die binneland het juis hierdie ras vir beide die mark en as trekosse aangehou.[32] Om 'n idee te vorm van die hoeveelhede vee wat die trekkers aangehou het, kan 'n mens hier noem dat die Trigardt-trek in 1835 met 1 300 osse en beeste, 8 000 skape en bokke en 33 perde uit die Kaapkolonie getrek het, en kommandant Potgieter by Vegkop ongeveer 5 000 skape, 300 beeste en 100

---

27 J. de Villiers, "Die Nederlandse era aan die Kaap, 1652-1806" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 46.

28 G.M. Theal, *South Africa: the Union of South Africa Rhodesia, and all other territories south of the Zambesi*, p. 36.

29 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 2; G.M. Theal, *South Africa*, pp. 52, 61, 86-88.

30 P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 4.

31 Anon., *Die geskiedenis van die Afrikanerbees in Suid-Afrika* [Webwerf: http://www.afrikanerbees. com/Society-History%20Afr.htm] [Geraadpleeg: 2011.07.25]; M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 52.

32 G.S. Preller (red.), *Joernaal van 'n Trek, uit die dagboek van Erasmus Smit*, p. 41.

trekosse verloor het.[33] By die swart gemeenskappe, wat hoofsaaklik veeboere en landbouers was, het die beestrop (Nguni-beeste)[34] die aansien en rykdom van 'n gegewe persoon bepaal. Die Nguni-bees val onder die groep-ras wat bekend is as Sanga (*Bos Taurus africanus*) en word as "eg-Afrika" beskou (*Figuur 72*).[35] Hierdie ras se waterbehoefte is laer as ander rasse, en hulle beskik ook oor 'n goeie weerstand teen droogtes, hitte en waterstres.[36]



Figuur 72: Nguni-beeste, Koedoeslaagte[37]

Beeste is volgens tradisie geruil vir 'n vrou (*lobola*), en is dus 'n middel waarmee 'n man sy voortplanting moet verseker. Beeste het voedsel, soos dikmelk, verskaf. Verder is ook op godsdienstige terrein van voedseloffers (vleis, bier, melk en graan) gebruik gemaak. Beeste is byvoorbeeld as offerandes tydens rituele geleenthede geslag om geestelike kontak tussen die mens en die voorvadergeeste te bewerkstellig en om in die regte verhouding met hulle te

33 G.S. Preller, *Voortrekkermense (2)*, pp. 5, 63.

34 C. van der Merwe, "Masters of the African veld" in *Impak*, 1, Des. 2009, pp. 7-8.

35 Nguni beestelersvereniging, "'n Boerbees vir Afrika" in *Impak*, 1, 2011, p. 11.

36 Nguni beestelersvereniging, "'n Boerbees vir Afrika" in *Impak*, 1, 2011, p. 12.

37 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Koedoeslaagte 2011.05.26.

verkeer.[38] Die Tswana het byvoorbeld 'n ritueel waartydens hulle 'n swart bul offer om reën te maak.[39] Volgens hierdie tradisie word die offervleis gebraai en geëet by die graf van 'n voorouer. Hierna word die vel, bloed en inhoud van die ingewande in die graf begrawe, en die bene, horings en ander oorblyfsels op die graf gelê. Dan roep die deelnemers glo die "gees" aan, terwyl hulle met water uit die reënpotte besprinkel word, en skree: "Reën! Reën!" Om beestroppe te vergroot is meestal rooftogte uitgevoer. Só is ander stamme van hulle vee beroof, omdat die gewone aanteel van vee nie vir hulle aansien en gebruik genoeg was nie. Hiermee het hulle dan ook in konflik met die trekkergeselskappe gekom. Beeste en skape is gevolglik goed opgepas en snags sorgvuldig in krale besorg. 'n Beduidende hoeveelheid antieke klipkrale wat vóór die *Difaqane* deel was van Sotho-Tswana-vestings, het op die Koepelheuwels veral in die Buffelshoek en Tijgerfontein-omgewing (Askoppies), bewaar gebly.[40]

### Die Koepel-omgewing

Die grasveld-biome in die Koepelgebied (die Carletonville-dolomitiese en die Vredefortkoepel-granietgrasvelde) leen hul uitstekend tot veeboerdery. Tydens die *Difaqane* het die Griekwas[41] met hul kuddes vee, wat hoofsaaklik uit skape en beeste bestaan het, in die binneland gebly. Sommige groepe (Adam Kok en die Waterboer-families) het in die omgewing van die Garieprivier in die huidige Vrystaat gewoon.[42] Dié groep het onder leiding van Barend Barendse in 1823 saam met die Bathlapings die Matabele van Mzilikazi aangeval.[43] Hierná het 'n groep Griekwajagters onder leiding van Pieter Davids hul langs die Vaalrivier bevind.[44] Aangesien hulle sonder die nodige toestemming Mzilikazi se domein betree het, is almal (behalwe twee kinders) vermoor. Die Matabeles het die voorste trekkers by Liebenbergskop (Parys) juis vir Griekwas aangesien en hulle in

---

38 GPA, MO2, C.M. de Villiers (86), Pretoria 2011.03.26.

39 J.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, p. 147.

40 J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 81.

41 'n Vermenging van vroeë Europeërs en Khoikhoin aan die Kaap.

42 J. Grobler, "Staatsvorming en stryd, 1850-1900" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 155.

43 W. Grönum, Die Difaqane: oorsprong, ontplooiing en invloed onder die Tswana (M.A.), p. 109.

44 W. Grönum, Die Difaqane: oorsprong, ontplooiing en invloed onder die Tswana (M.A.), p. 115.

Augustus 1836 aangeval en hul vee gebuit.[45] Dit bevestig die teenwoordigheid van Griekwas langs die Vaalrivier in die Koepelgebied vóór die vestiging van die trekgemeenskappe.

Die trekkers het gedurende die trekjare veral 'n probleem met die San en Khoikhoin ondervind, wat hul beeste gesteel het.[46] In een geval het 'n veedief byvoorbeeld een van die trekkers se skape gesteel, keelaf gesny, die buik oopgesny, die ingewande verwyder en alles sorgvuldig in die rivier weggesteek.[47] In hierdie geval wou die persoon heel waarskynlik sy spore bloot doodvee. Die voorste trekkers het veral weens veediefstal groot ekonomiese verliese gelei.

Die trekboere het hul vernaamste, en in baie gevalle enigste, bestaan gevind in die aanhou van horingvee, wat aangevul is met akkerbou.[48] Dit blyk verder dat 'n paar melkbeeste, soos Friesland- en Holstein-beeste wat uit Nederland ingevoer is, meestal naas die trekosse getrek het.[49] Verder was daar vroeër 'n groot vraag na osse as trekdiere om ploeë en waens te trek. Veeboere het hul in die Vredefortkoepel-granietgrasveldbioom gevestig. Ter bevestiging daarvan is die beroep van J.M. Steyn van Potchefstroom (in die Carletonville-dolomitiese-grasveldbioom) in 1882 op die koopkontrak van die plaas *Inlandche Zee,* as veeboer aangedui. Só ook dié beroep van J.S. Schoeman, die latere eienaar (1892) van dieselfde plaas.[50] Die oor-Vaalse gebied is sedert 1886 nie net gekenmerk deur groot kuddes vee nie, maar ook kleinvee, bokke en skape, wat veral langs die Vaalrivier en in die omgewing van Gatsrand en Suikerbosrand, besonder goed geaard het.[51]

### *Veeboerdery*

#### Beeste

Grondstowwe soos velle, horings en ivoor het deel van die pionier se tuisnywerheid uitgemaak. Diervelle is gebruik as vloerbedekkings, velkleedjies en -kussings. Voorwerpe van leer, wat ook 'n belangrike plek in die volkskuns

---

45 P.J. van der Merwe, Die Matabeles en die Voortrekkers in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 49, 1986(2), p. 37.

46 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 91.

47 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 152.

48 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 10.

49 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 54.

50 VAB, AKT, oordragregisters Kroonstad [2/1/1/102, Boek E] Inlandsche Zee 30, p. 364.

51 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 185.

ingeneem het, is byvoorbeeld gebruik vir kledingstukke soos baadjies, mans-onderbaadjies, broeke, en skoene, asook vir verskillende groottes velsakke.[52] Die velle van die diere is ook vir die maak van rieme, swepe en trektoue gebruik. In die tyd toe tou in die binneland onbekend was, het rieme 'n belangrike funksie vervul. Dit is onder meer aangewend vir die sitplekke van stoele en banke, die matte van katels, die maak van skoene, en vir die vasbind van balke en dekgoed by die bou van die huis.[53] Volgens 'n boorling van die omgewing is selde van 'n looikuip gebruik gemaak; die vel wat bewerk moes word, is eerder onder beesmis begrawe om sag te word.[54] Die bas van die elandsboontjie[55] (*Elephantorrhiza elephantina*), knoppiesdoring (*Acacia nigrescens*) asook die rooibos of rooiboswilg (*Combretum apiculatum*)[56] is gebruik om die vel verder sag te maak. Die vel is met 'n graaf se agterkant skoon gemaak van hare, waarna dit in 'n dun repie al in die rondte gesny is. Die rieme is dan met behulp van 'n swaar breiklip gebrei. Die lang riem is oor 'n hoë tak gedraai met 'n klip van ongeveer 100 kg onderaan. Met behulp van 'n stuk hout is die rieme dan opgewen, afgetol, en dan weer na die ander kant opgewen. Soggens is uitgebraaide beesvet aan die rieme gesmeer. Na ongeveer vyf dae was die rieme sag.[57] Byprodukte soos vet, horings en seninggaring is alles nuttig aangewend. Vet is vir die maak van seep en kerse, of as smeermiddel, aangewend, terwyl horings as houers (kruit en water) en beuels gebruik is. Verder is die seninggare algemeen gebruik om enige ding vas te werk of te verstewig.

Gedurende die tydperk 1836 en daarna was die inheemse gemeenskappe op een of ander wyse betrokke by veeboerdery, as veebesitters, -wagters of -rowers. Vee is gebruik om grond te ruil van inheemse bevolkingsgroepe, en het ook deel uitgemaak van oorlogsbuit. Gedurende die bewind van president Jan Brand (1864-1888) in die Vrystaat is die burgers by twee geleenthede (1865-1866 en 1867-1868) opgekommandeer om in die Basoeto-oorloë te veg. Gevolglik het hul vee van verwaarlosing gevrek, en is die oorblywende troppe meestal weggevoer.[58]

---

52 J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 38.

53 J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*, p. 38.

54 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.05.14.

55 Ook bekend as die looibasboom, GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.05.14.

56 B. van Wyk e.a., *Fotogids tot bome van Suid-Afrika*, pp. 37, 87.

57 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.05.14.

58 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 193.

Longsiekte het in 1855 die hele Vrystaatse republiek geteister, met omvattende skade onder die groot vee.[59] Entstof is mettertyd met staatshulp ontwikkel en siektetoestande is onder beheer gebring.[60]

Voordat spoorlyne na die binneland aangelê is, is goedere met ossewaens oor lang afstande van die hawens na die binneland vervoer. Teen 1892 was talle arm, ongeskoolde Afrikaner-entrepreneurs by transportry betrokke,[61] en het die aanhou van trekosse die hartklop van hierdie transportbedryf geword. Die uitbreek van runderpes (1896-1897) het gevolglik 'n vervoerprobleem in die binneland van Suid-Afrika (noord en suid van die Vaalrivier) veroorsaak.[62] Die getalle van lewende hawe is gevolglik tydelik verminder, en transportry is feitlik tot stilstand gedwing. Daarby het groot veevrektes as gevolg van die veesiektes en die verskroeide-aardebeleid gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) die ekonomiese lewe (bestaansmiddele, produktiewe grond en mense) in die Boererepublieke byna totaal vernietig.[63] Sommige beesrasse is feitlik uitgewis toe groot getalle vee vernietig is.[64] As 'n direkte gevolg hiervan is verskeie eksotiese rasse ná 1902 hoofsaaklik van Brittanje en Europa ingevoer om die land se uitgedunde beesgetalle weer op te bou.

Ná 1950 het die veeteelt-produksie in die Koepelarea weer 'n opbloei-fase beleef. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verbetering van vee-rasse, die

---

59 Uit 'n Ordonnansie wat in 1854 deur die Vrystaatse Volksraad gepasseer is om die verspreiding van longsiekte onder die vee te stop, blyk dit dat veesiektes sporadies voorgekom het. Hierin is gevra dat vee met siektes in 'n kraal geïsoleer word. Indien die eienaar dit nie doen nie kon hulle beboet word. Verder mag siek vee nie uitspannings gebruik het nie, hulle mag ook nie geslag of hulle vleis verkoop word nie. Voorts moes die karkasse 91 cm (3 vt.) onder die grond begrawe word in J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die volksraad van die Oranje-Vrystaat 1854-1855 in S.A. Argiefstukke, O.V.S., 1, p. 309; A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 21.

60 Teen 1881 was dokter Herman Kleinau die eerste veearts in die Vrystaat in D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 198.

61 W. Visser, "Die minerale revolusie" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 189.

62 Dr. Koch 'n Duitse wetenskaplike wat op Kimberley gebly het, het 'n entstof ontwikkel en die siekte toestand is teen 1897 onder beheer gebring in H. Guest, *Klerksdorp's fifty years of mining*, p. 28.

63 G. Verhoef, "'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 215.

64 Anon., *Die geskiedenis van die Afrikanerbees in Suid-Afrika* [Webwerf: http://www.afrikanerbees. com/Society-History%20Afr.htm] [Geraadpleeg: 2011.07.25].

suksesvolle bekamping van dieresiektes en die vooruitgang in die bestuur van plase. Beeste is vir beide vleis- en melkproduksie aangehou. Op Helena is byvoorbeeld nog altyd 'n paar melkkoeie aangehou wat bedags op die rante geloop het. Smiddae is die koeie bymekaar gemaak om kraal toe te kom vir die melkery. Meeste van die boere in die omgewing het hulle melkkoeie sommer in die veld uitgemelk. Roomkanne is koud gehou en Vrydae na Vredefort se stasie geneem, van waar dit per trein na Johannesburg vervoer is.[65] Die inkomste daaruit was altyd welkom. Alhoewel melkbeesrasse soos die Bonsmara-,[66] Fries-, Jersey-[67] en Nguni-beeste in hierdie area aangetref word, was melkboerdery selde indien ooit in die Koepel-omgewing volhoubaar. Melkboerdery is wel op eksperimentele grondslag aangepak, maar was selde suksesvol.[68] Gebrekkige infrastruktuur het veroorsaak dat melk maklik suur geword het voordat dit op Vredefort of Parys se stasies kon kom om die trein na Johannesburg te haal.[69] Een van die groter beesboere in die omgewing was Henkie Kloppers wat vyf plase, Kommandonek, Suid-Witbank, Weltevrede, Spitskop en Diepkloof vir sy beesboerdery gebruik het.[70] Hy was mede-eienaar van 'n abattoir in *City Deep*, Johannesburg, en sy vee is hoofsaaklik vir hierdie doel vet gevoer. Ons kan aanneem dat sy bedryf 'n stoetery was.

Veeboerderye word as 'n bydraende faktor tot oorbeweiding en die vernietiging van die inheemse bioom in Suid-Afrika beskou.[71] Ekstensiewe veeteelt kom algemeen in die Koepel se grasveld-biome voor, en intensiewe veeteelt (wat voerkrale insluit) op 'n heelwat kleiner skaal. Alhoewel laasgenoemde nie die hoofaktiwiteit is nie, is die groot getal beeste in voerkrale, veral dié op vleilande en die walle van spruite, bydraend tot gronderosie. Stoeterye dra vernietig die natuurlike gras-deklaag en veroorsaak dat daar geen wortelpolle is nie. Verder word die grond uitgetrap deur die diere en hardgebak deur die son, wat

---

65 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 39.

66 'n Beesras wat in 1937 deur middel van 'n kruisteelprogram 5/8 Afrikaner (*Box indicus*), 3/16 Hereford en 3/16 Shorthorn vir ons klimaatstoestande geteel is, Anon., *Landbouweekblad, Bonsmara pas kommersiële beesboer* [Webwerf: http://www.bonsmara.co.za/articles.php] [Geraadpleeg: 2011.07.25].

67 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.05.14.

68 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

69 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

70 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 39.

71 L. Mucina & M.C. Rutherford (eds.), *The vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland*, p. 357.

veroorsaak dat die grondoppervlak semi-waterdig raak.[72] Die verlies aan plantegroei en reënwater wat nie deur die grond geabsorbeer word nie, veroorsaak dat mis-en-modderwater na die laagliggende dele afspoel, en in spruitjies beland, soos byvoorbeeld by die Vorster-voerkraal reg langs die Tijgerfonteinspruit.[73] Diere word dag en nag sonder skuiling aan die elemente blootgestel, en die gepaardgaande vlieë en misreuk is onaanvaarbaar vir bure wat hul plaas as 'n gastehuis bedryf.[74] Volgens een van die beesboere in die studiegebied het beeste onder normale omstandighede, indien die drakrag (weidingskapasiteit) van die grond nie oorskry word nie, 'n positiewe impak op die omgewing, aangesien hulle ou plantmateriaal verwyder, nuwe groei stimuleer en bemesting in die vorm van mis verskaf.[75] Die ekosisteem herstel normaalweg ná mens-geïnduseerde impakte soos oorbenutting en 'n klimaatsversteuring soos byvoorbeeld 'n droogte.[76] Waar veeboerdery as mono-boerdery-kultuur beoefen word, is die omgewing egter geneig om agteruit te gaan. Die volhoubaarheid van die voortgesette menslike benutting van die grond kom gevolglik daardeur in gedrang. Waar degradasie voorkom, word die herstelvermoë van die sisteem meestal verswak, en herstel na die oorspronklike toestand is dikwels onmoontlik.[77] Daarby word blootgestelde bo-grond deur wind weggewaai en deur reënstorms weggespoel, sodat die grond minder produktief word.

### Skape

Die eerste skape, wat as "Afrikanders" bekend gestaan het, het oorspronklik uit die Midde-Ooste en Noordoos-Afrika gekom, en is van die Khoikhoin vir tabak, pype, koper, krale en brandewyn geruil.[78] Hierdie tipe skaap, wat vroeër bekend was as die Kaapse vetstertskaap, het ontwikkel in die Blinkhaar-ronderib-Afrikanerskaap, die Steekhaar-Afrikanerskaap, die Namakwa-Afrikanerskaap en die

---

72 Anon. Representation in opposition to the proposed Boekenhoutskloof feedlot application: a comprehensive researched perspective, prepared by the Concerned Seringveld Association in collaboration with: The Federation for a Sustainable Environment, rev. ed., 17 Sept. 2009, p. 10.

73 GPA, MO2, J. Sonemann (55), Dome Lodge 2011.03.19.

74 GPA, MO2, J. Sonemann (55), Dome Lodge 2011.03.19; GPA, MO2, P.J. Pienaar (73), Tijgerfontein 2011.03.19.

75 GPA, MO2, A.G.H. Kotzé (65), Helena 2011.02.05.

76 F.P. Jordaan, "Veld degradasie: is restaurasie moontlik?" p. 3.

77 F.P. Jordaan, "Veld degradasie: is restaurasie moontlik?" p. 3.

78 Anon., *Indigenous Breeds | Sheep - Blinkhaar Ronderib Afrikaner* [Website: www.indigenousbreeds. co.za/indigenousbreeds/sheep/blinkhaar] [Accessed: 2013.03.10]; M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 54.

Bezuidenhout-skaap.[79] Om die skaapboerdery aan die suidpunt van Afrika te verbeter is reeds in 1657 'n paar ramme en ooie uit Holland, saam met immigrante uit Zeeland, na suidelike Afrika ingevoer.[80] Hierdie skape is vir vleis, melk, botter en kaas aangehou.[81] Gedurende 1689 en in 1742, is Spaanse merinoskape ingevoer om wolproduksie as 'n industrie aan die Kaap te probeer vestig.[82] In 1790 het Kolonel Gordon 'n klompie merinoskape ingevoer om hulle met Afrikanerskape te kruis.[83] Verder is teen die begin van die 19de eeu met die teel van wolskape in die Oos-Kaap begin, en sommige van hulle het saam met die trekgeselskappe uit die Kaapkolonie getrek en is in die binneland gevestig. Dit blyk egter dat die emigrante-boere aanvanklik die geharde vetstert-Afrikanerskape bo die merino verkies het. Soms het hulle probleme ondervind wanneer hulle met die skape deur die driwwe getrek het. Een trekgeselskap se skape het byvoorbeeld vasgesit in die modder by 'n drif oor die Vaalrivier, en hulle moes een-vir-een met die hand uitgetrek word – terwyl nege leeus glo besig was om water te drink.[84]

Dit blyk dat skaapboerdery in die Z.A.R. aanvanklik stadig vordering gemaak het, totdat die Transvaalse boere produkte soos tabak, meel, droëvrugte en brandewyn in die Vrystaat vir skape gaan verruil het.[85] Skape was egter altyd deel van die veestapel in die Vrystaatse Republiek, waar daar grotendeels met wol- en vleisskape in die bergveld, en met boerbokke op die rante geboer is.[86] Teen 1850 is merinoskape na die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier ingevoer, wat die ontwikkeling van wolboerdery in die Vrystaat gestimuleer het.[87] Die toenemende belangstelling in skaapboerdery het teen die 1858's 'n algehele omwenteling in

---

79 Anon., *Indigenous Breeds / Sheep - Blinkhaar Ronderib Afrikaner* [Website: www.indigenousbreeds. co.za/indigenousbreeds/sheep/blinkhaar] [Accessed: 2013.03.10].

80 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, pp. 54-55.

81 A.R. Heinrich, *A zooarchaeological investigation into the meat industry established at the Cape of Goodhope by the Dutch East India Company in the seventeenth and eighteent centuries*, p. 50.

82 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 55.

83 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 55.

84 G.S. Preller, *Voortrekkermense (1)*, p. 15.

85 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 10.

86 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29; GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

87 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 32, 1969(1), pp. 186, 209; A. Aylward, *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*, p. 15.

die ekonomiese lewe van die land veroorsaak, veral nadat dit geblyk het dat die weivelde op die Transvaalse Hoëveld net so voedsaam vir kleinvee is as dié in die Kaapkolonie of die Vrystaat.[88] In die Koepelbergveld is met wol- en vleisskape geboer, en met boerbokke op die rante.[89] Snags is hulle in 'n takkraal van haak-en-steektakke toegemaak.[90]

Ná die Sandrivierkonvensie (1852) is welvaart gestimuleer deur die weeklikse mark wat in Potchefstroom gehou is, en waar boere 'n gereelde en redelike afsetgebied vir hulle produkte gekry het.[91] Die Kaapse handelaars het die Transvaalse wol ontdek en spekulante het gevolglik ook slagvee in die Transvaal kom koop.[92] Nadat handel so met die Kaapkolonie gevestig is, het 'n merkbare ekonomiese oplewing in die Transvaal plaasgevind. Die in- en uitvoer van lewende hawe het die binnelandse mark geweldig gestimuleer en boerderytoestande gunstig beïnvloed.[93] Die landbou en veral skaapboerdery het gevolglik vooruitgang beleef.

### Ander diere

Voedsel in die vorm van melk, vleis en eiers is deur ander diere soos bokke, varke en pluimvee voorsien. Bokke is oorspronklik van die inboorlinge (Khoikhoin) in die Kaap geruil (1691).[94] Teen 1864 was Angorabokke reeds in die Vrystaat gevestig,[95] terwyl die Standerton-distrik heelwat later (1870) ook suksesvol met hierdie tipe boerdery was.[96] Alhoewel enkele boerbokke op die rante gewei het, is selde met bokke in die Koepelarea geboer. Hulle het meestal 'n manier gehad om die bure se groente en mielies te verniel.[97]

---

88 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 181.

89 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29; G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

90 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 78.

91 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 179.

92 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 180.

93 G.N. van den Bergh, "The influence of British traders on early Potchefstroom, 1852-1877" in *Historia* 54(2), Nov. 2009, p. 39.

94 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 56.

95 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 190.

96 A. Aylward, *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*, p. 127.

97 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29.

Varke is ook nie juis op groot skaal in hierdie streke geteel of aangehou nie. Varke is veral vir hulle vleis in Duitsland en die Laelande aangehou. Gedurende die voorspoedige jare ná die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) was daar 'n landswye vraag na varkvleis. 'n Varkboerdery is ook vir 'n kort rukkie (in 1958) op Kommandonek 1183, onsuksesvol bedryf.[98] Pluimvee soos kalkoene, eende en hoenders is op meeste plase aangehou. Vroeër is selfs lê- en vleishoenders op klein skaal in die studie-area geteel, maar weens 'n beperkte mark en swak infrastruktuur was dit nie volhoubaar nie.[99] Teen 1860 het die helfte van die binnelandse uitvoerhandel in volstruisvere deur die Potchefstroomse mark gegaan,[100] terwyl daar in 1868 met volstruise (*Struthio camelus*) vir die uitvoermark in die Vrystaat geboer is.[101] Volstruise is in 1936 op Rensburgsdrift aangehou.[102]

### Perde

Sover bekend is geen perderas inheems aan Suid-Afrika nie, alhoewel daar 'n verwantskap tussen perde en sebras of kwaggas bestaan. Europese koloniste het die eerste mak perde (*Equidae*-spesies), wat meestal afstammelinge van die Arabiese en Persiese rasse was, vanuit Java (Oos-Indië) ingevoer.[103] Later is perde, hoofsaaklik van Arabiese en Andalusiese oorsprong, vanuit Suid-Amerika (1778), Noord-Amerika (1782) en Engeland (1782) ingevoer.[104] Hierdie perde is onder meer deur die koloniste in konfliksituasies gebruik om hulle gesag af te dwing en te verstewig. Op die rug van die perd het die eerste vryburgers aan die Kaap byvoorbeeld hul veetroppe beskerm, is die eerste kommando teen die San uitgestuur en het reisigers die binneland verken. Die trekkers het ook met perde na die binneland verhuis, wat vir hulle voordelig was, aangesien hulle tydens aanvalle van die inheemse bevolking vinniger te perd kon beweeg as voetsoldate. Perderuiters het ook maklik deur die Vaalrivierdriwwe in die studiegebied beweeg. Die trekgroepe noord van die Vaalrivier is deur jagters op perde gewaarsku dat

---

98 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel" p. 33.

99 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29.

100 G.N. van den Bergh, "The influence of British traders on early Potchefstroom, 1852-1877" in *Historia* 54(2), Nov. 2009, p. 44.

101 Jacobs, D.J. Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 191; J. Sanderson, "Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State, and the country of the Transvaal Boers, 1851-52" in *Journal of the Royal Geographical Society of London*, 30, 1860, p. 240.

102 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel" p. 17.

103 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, pp. 55-56.

104 S.S. Swart, *Riding high: horses, humans and history in South Africa*, p. 174; M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 56.

Matabele-voetsoldate op pad was, sodat die geselskappe laer kon trek en hulleself kon verdedig.[105]

Die Basoeto was bekend vir hul perde wat hulle geteel en verkoop het.[106] Gedurende die 1830's het Mosjwesjwe reeds perde van die Korana, Griekwa en sogenaamde Bergenaars geroof, en teen 1850 is sogenaamde Kaapse perde (Oosterse merries geteel met die Engelse volbloedperd) van blanke boere vir arbeid en graan verruil.[107] Die Kaapse perde het die Basoeto-perderas wat vir militêre operasies gebruik is, versterk.[108] Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die Boeremagte die Suid-Afrikaanse Boerperd ook vir 'n militêre doel gebruik. Hierdie perde is geharde plaasdiere wat aangepas is by die warm klimaat van suidelike Afrika, en is goedkoper as saal- of resiesperde.[109]

Voor die koms van die meganiese voertuie (omstreeks in die 1930's in die landelike dele van sentraal-Suid-Afrika) is perde as trekkrag gebruik om landbou te beoefen en vir die vervoer van passasiers en vrag. Die rit dorp toe is meestal met 'n perdekar onderneem.[110] Perde is op die delwerye gebruik[111] en het die perdeposroete tussen Heilbron en Parys (1886)[112] en die weeklikse poskoetsdiens van Potchefstroom na Venterskroon moontlik gemaak. Ook die inheemse bevolkingsgroepe het gedurende die eerste helfte van die 19$^{de}$ eeu perde as vervoermiddel en ekonomiese hulpmiddel ontdek, en daarvan gebruik gemaak. Die rol van die perd het drasties verander as gevolg van meganisasie. Die perd is deur die masjien vervang en het geleidelik sy tradisionele rol as trek- en rydier verloor. Teen 1940 was daar gevolglik 'n oorbevolking van perde. Die perdebedryf is in 'n krisis gedompel as gevolg van motor- en vragmotor-aankope en boerderymeganisasie.[113] Nie almal het oor dieselfde geldelike vermoëns beskik

---

105 C. Potgieter & N.H. Theunissen (reds.), *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, pp. 53, 55.

106 A. Aylward, *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*, p. 190.

107 S.S. Swart, *Riding high: horses, humans and history in South Africa*, pp. 83, 85, 89.

108 S.S. Swart, *Riding high: horses, humans and history in South Africa*, pp. 83, 86.

109 S.S. Swart, *Riding high: horses, humans and history in South Africa*, pp. 188, 189, 193.

110 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 47.

111 TAB, foto 16332 "Die Venterskroonvallei gesien vanaf die 'Net' op die Potchefstroomse goudvelde"

112 Kyk hoofstuk 4, *Kaart 20*.

113 S.S. Swart, *Riding high: horses, humans and history in South Africa*, p. 171.

nie, met die gevolg dat diegene wat nie motors kon bekostig nie, vir 'n hele aantal jare nog met die perd en donkiekar gery het.

Perde het oor die jare 'n statussimbool vir die rykes geword. Perdetelers wêreldwyd het verskillende perderasse verbeter, en rasse ontwikkel wat geskik was vir bepaalde take soos jagperde met 'n goeie uithouvermoë, trekperde wat swaar vragte kan sleep, saalperde vir die renbaan, en polo-ponies wat vir die spel van polo aangewend word.[114] Teen 1949 is die produktiewe perd (trek- en rydier) vervang met die perd as skoudier.[115] Die ryk plattelandse elite, meestal Afrikaanse wolboere, het die "American Saddle Horse Breeders Society of South Africa" gestig en resiesperde is as statussimbool en simbool van materiële rykdom gesien.[116] Volgens een van die suksesvolle perdetelers in die Parys-omgewing, is perdestoeterye vanaf die 1960's vir teel- en skou-doeleindes op verskeie Koepelplase bedryf.[117] Hy benadruk die feit dat Parys sedert 1962 jaarliks in Desember 'n perdeskou hou, wat naas Bloemfontein die tweede grootste buitenshuise perdeskou in Suid-Afrika is. Op hierdie skou word saalperde soos die Suid-Afrikaanse Boerperde, Hackneys en Amerikaanse saalperde vir gimkana-, dressering- en hinderniswedrenne by die program ingesluit. Daarby word die Hoërskool Parys by die skou betrek, en hulle trompoppies gee gewoonlik kleur aan die feestelike verrigtinge. Oor die jare is ook ruim skenkings van die plaaslike boerderygemeenskap vir vleisbraai, partytjies en danskompetisies ontvang.[118] Dit is 'n aanduiding van 'n periode van ekonomiese vooruitgang. Ongelukkig kom perdesiekte periodiek in die Koepelarea voor.[119] Dié siekte is 'n orbivirus van die *rioviridae*-familie wat deur die bytende muggie-spesies (*Culicoides imicola kieffer* en *Culicoides bolitinos meiswinkel*) onder perde versprei word.[120] Die verspreiding van die siekte hou 'n direkte verband met muggie-aktiwiteit, wat beïnvloed word deur reënval, temperatuur, teelterreine en grondtipes. Dit wil voorkom of areas met kleierige grond meer muggies het, veral teen sononder gedurende die

---

114 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

115 S.S. Swart, *Riding high: horses, humans and history in South Africa*, p. 173.

116 S.S. Swart, *Riding high: horses, humans and history in South Africa*, p. 176.

117 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

118 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

119 GPA, MO2, J.M. van den Berg (46), Koppieskraal 2011.05.21; GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

120 Anon., *'n Etnomediese praktisyn van Parys in die Vrystaat dien perdesiekte 'n nekslag toe met 'n serum* [Webwerf: http://www.looklocal.co.za] [Datum geraadpleeg: 2013.01.27].

reënseisoen, wanneer muggies vinniger vermeerder.[121] Op sommige plase is nog gepakte klipkrale op die hoërliggende rante sigbaar, wat vroeërjare gebruik is om die perde vroegaand te berg ten einde hulle te beskerm teen die muggies, wat meestal by die laerliggende dele naby die rivieroewer teen sononder aktief is.[122]

Die Basoetoponie is 'n perd van 'n klein ras, wat deur antropogenetiese en natuurlike seleksie 'n geharde dier is, en wat gebruik is as pakdier, veral in bergagtige gebiede. Niemand kon bevestig dat hierdie tipe ponie in die studie-area gebruik is nie. Die afgelope 20 jaar hou me. Lucia Burger en haar familie Appaloosa-perde (*Equus ferus caballus*), wat so mak soos groot honde word, op hulle plaas in die Koepel aan.[123] Hierdie ras is afkomstig uit Amerika, waar die Nez Perce-rooihuide in die Palouse vallei in Noord Idaho hierdie kolperde geteel het.[124] Kenmerke van hierdie perderas soos hul stamina, temperament en gehardheid, kan steeds in die Appaloosa waargeneem word. Die Burgers se stoet het oor die afgelope jare aangegroei, en het hulle ook ponies en selfs 'n miniatuurhings.

Die runderpes-epidemie (1896-1897) het veroorsaak dat verskeie boere sonder trekdiere gestrand was en nie kon saai of transportry nie.[125] Die Z.A.R.-regering het gevolglik hulp aan dié boere verleen, deur donkies (*Equus africanus asinus*) aan hulle op skuld te verkoop.[126] Donkies was naamlik goedkoper, makliker om in stand te hou en meer ekonomies as perde. Aan die begin van die 20^ste eeu is ook in die Vrystaat esels of muile ('n kruising tussen 'n donkie en 'n perd) gebruik om die paaie te skraap,[127] en die donkiekar om kinders skool toe te neem.[128] Hierdie donkies wat as ry-, pak- en trekdiere gebruik is, het hulle nut verloor en uit die Koepel-omgewing verdwyn.

---

121 G. Buhrmann, *2012/2013 Afrika Perdesiekte Inligtingsbrosjure* [Webwerf: http://www.africanhorsesick ness.co.za] [Datum geraadpleeg: 2013.01.27].

122 GPA, MO2, S. de la Harpe (55), Venterskroon 2012.07.28.

123 L. Burger, "Saggeaarde skoonhede" in *Impak*, 3, 2010, p. 31.

124 J.S. Thorson, "Claude Thompson: Appaloosa Forefather" in *Appaloosa Journal*, Jun. 1997, p. 44.

125 P. Naudé, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899 (Ph.D.), pp. 271, 290.

126 P. Naudé, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899 (Ph.D.), p. 271.

127 K. du Pisani (red.), *'n Lewe in die Koepel: oom Louwtjie Jansen van Rensburg se herinnerings van sy belewenisse oor meer as 80 jaar*, p. 74.

128 GPA, MO2, T.T. Cloete (86), Potchefstroom 2010.10.28.

***Faktore wat veeteelt benadeel het***

Die periodieke voorkoms van veevrektes, soos perdesiekte, longsiekte (1855), brandsiekte (1889) en runderpes (1896-1897) in groot gedeeltes van die binneland, het die getalle van lewende hawe telkemale verminder. Hierna het die verskroeide-aardebeleid teen die einde van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) veekuddes feitlik uitgewis.[129] Daar is beraam dat ongeveer 500 000 perde tydens die oorlog geskiet is.[130] 'n Britse soldaat van "The Oxfordshire Light infantry in South Africa" het dit as volg beskryf:

> *The whole country was littered with dead animals. Vultures could usually be seen wheeling and turning in the air through the dust of columns … dead horses marked the lines of advance, and the smell from them was sickening.*[131]

Vroeër was inheemse roofdiere wat skape en lammers doodbyt, 'n probleem wat veeboerdery veral in die Vrystaat gestrem het.[132] Die rooijakkals (*Canis mesomelas*) en bruin of Kaapse hiëna (*Hyaena brunnae*) was aanvanklik 'n probleem, terwyl die rooikat (*Felis caracal*) die afgelope dekades as 'n las in die Koepelarea beskou is.[133] Nog 'n probleem wat vermelding verdien, is die probleem wat die skaapboere ondervind het met die boetebossie (*Xanthium spinosium*) wat vanuit die Kaap na die Z.A.R. versprei het. Hierdie bossie koek die skape se wol in so 'n mate dat dit nutteloos is. In 1869 is selfs wetgewing uitgebring waarvolgens grondeienaars beboet is indien hul nie die bossies op hulle plaas uitgeroei het nie.[134] Die regering het teen die 1870's hulp verleen met die uitroei van die onkruid. Die afgelope paar jaar steek hierdie probleem weer op verskeie grasveld-areas binne die Koepel-omgewing kop uit.[135]

---

129 L. Changuion (eds.), *Suffering of war*, pp. 110, 111.

130 L. Changuion (eds.), *Suffering of war*, p. 27.

131 L. Changuion (eds.), *Suffering of war*, p. 106.

132 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 199.

133 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel" pp. 80-82.

134 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 209.

135 Agenda: Koepel-Grondeienaars vergadering, Khaya Ibhubesi 2011.05.21, Vriende van die Koepel/Vredefortkoepel Bewarea-jaarvergadering, Thabela Thabeng 2011.07.30; Vriende van die Koepel/Vredefortkoepel Bewarea-jaarvergadering, Old Imperial Inn Venterskroon 2012.07.28.

Die afgelope dekade is veediefstal 'n groter probleem as roofdiere en die boetebossie in die Koepelomgewing.[136] Helder oordag word veekuddes (meestal skape) na nabygeleë plakkerskampe aangejaag, of op trokke gelaai en weggery.[137] Sommige Koepelboere verleen hulp aan mekaar om die diewe te vang. Selfs 'n vliegtuig word ingespan om vanuit die lug die veediewe se posisie aan wetstoepassers op die grond deur te gee.[138]

Veeteelt het oor die jare in hierdie area merkbaar afgeneem, omdat die weidingsgras as gevolg van oorbeweiding en veldbrande stelselmatig verminder het.[139] Dit blyk verder dat gronderosie en oorbeweiding vroeër nie 'n wesenlike probleem aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier was nie, omdat boere selde die drakrag van die grond oorskry het.[140] Die grasvelde in die omgewing wat wel as gevolg van landboupraktyke en ongekontroleerde veeboerdery uitgedun is, het volgens sommige inwoners ná die goeie reëntydperk (2010-2011) grootliks herstel.[141] Sommige boere wend pogings aan om veldversterking te bewerkstellig. Waar veldagteruitgang sigbaar is, word die harde oppervlak van die grond met 'n implement losgemaak om die grond te breek en waterinfiltrasie te bevorder.[142] Terselfdertyd word goeie saad in die los grond uitgestrooi om dit binne te dring en te ontkiem.[143]

## Landbou

### *Ontwikkeling van landbou in die binneland*

Reeds in November 1836 het die Trigardt-trekgeselskap velle vir meel en koring van die inheemse bevolking noord van die Vaalrivier geruil.[144] In Desember 1836 het die "gedoopte basters" Marthinus en Jan Klein, ook koring aan die voorste trekkers verkoop,[145] terwyl graan uit Basoetoland in 'n later stadium aan die

136 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.05.14; GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (43), Kromdraai 2012.07.28.

137 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.05.14.

138 GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (43), Kromdraai 2012.07.28.

139 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

140 GPA, MO2, A. Kotzé (65), Helena 2011.02.05.

141 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena; GPA, MO2, A.G.H. Kotzé (65), Helena 2011.02.05.

142 GPA, MO2, J. Viljoen (53), Chazen 2010.11.03.

143 GPA, MO2, J. Viljoen (53), Chazen 2010.11.03.

144 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, p. 5.

145 G.S. Preller, *Voortrekkermense (2)*, p. 77.

Vrystaatse boere verhandel is.[146] Die twee Boererepublieke, wat in 1852 en 1854 tot stand gekom het, het vroeg reeds op 'n landbou-ekonomie staatgemaak.[147] Tog is hierdie landbou meestal bloot as aanvulling by veeteelt beoefen, aangesien daar geen mark vir landbouprodukte bestaan het nie, die nodige gereedskap ontbreek het, en die meeste boere buitendien die landbou aan die nie-blanke arbeiders toevertrou het.[148] Landerye het meestal onbenut gelê behalwe naby dorpe waar daar 'n mark was.[149] Landbou is teen die helfte van die 19de eeu gesien as 'n 'teken van beskawing' en juis aangemoedig om 'n einde aan die swerwersbestaan van veeboere (somers- en winterweiding-trekke) te maak.[150] Teen 1859 is heelwat graan in Transvaal verbou en die meel selfs na die Vrystaat uitgevoer.[151] In die beginjare was daar 'n groot tekort aan kommunikasie-infrastruktuur in die binneland, en die landboubedryf is daardeur gestrem.

***Koepel-omgewing***

Die voorkoms van standhoudende water het aanvanklik die potensiaal vir permanente vestiging in die studiegebied verbeter, aangesien met meer vee geboer en selfs akkerbou beproef kon word. Die twee belangrikste natuurlike hulpbronne vir die landbou, naamlik vrugbare grond en water, is beide redelik beskikbaar in dié gebied. Aangesien die rivier leiwater kan lewer, is meeste gewasse oor die jare op die rivier-afgesette leemgrond (vloedvlakte) langs die Vaalrivier verbou. Koring, lusern, vrugteboorde, wingerde, neute en groente is met wisselvallige welslae onder besproeiing verbou, terwyl droëland-graangewasse soos saadmielies, sonneblomme, gars, graansorghum, grondbone, droë bone, hawer, katoen en tabak op die ontboste doringveldterrein met goeie rooigrond aangeplant is.[152] Laasgenoemde areas was op sommige plekke moeilik om te ploeg vanweë die groot hoeveelheid klippe, wat die ploeë gebreek het.[153] Voor die ontdekking van minerale was die binneland se ekonomie hoofsaaklik op

---

146 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 170.

147 G. Verhoef, "'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 210.

148 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 11.

149 A. Aylward, *The Transvaal of to-day: war, witchcraft, sport, and spoils in South Africa*, p. 266.

150 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 11.

151 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 180.

152 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase", g.p.

153 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

bestaanslandbou gebaseer, en gewasse is net vir eie behoeftes geproduseer.[154] Die ontdekking van diamante (1967), wat 'n mark vir landbouprodukte geskep het, kan as 'n keerpunt in die Vrystaatse landbougeskiedenis gesien word.[155] Gevolglik het 'n markgerigte stelsel in die Boererepublieke posgevat, met Potchefstroom en later Johannesburg as handelsentrums vir landbouprodukte. In 1890 is 'n versoek aan die Z.A.R. se regering gerig om 'n gedeelte van die staatsgrond op Venterskroon in hoewes op te deel, en dan aan "versukkelde boere vir landboudoeleindes" beskikbaar te stel.[156] Bo en behalwe die feit dat hierdie versoek melding maak van versukkelde boere, gee dit ook 'n aanduiding dat bewerking van landbougrond in die Venterskroon-omgewing teen die einde van die 19de eeu as 'n uitkoms vir armoede gesien is. Tydens die runderpes-epidemie (1896-1897) en ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en die groot droogte (1930-1933), het groot getalle vee gevrek,[157] en om te oorleef het die veeboer meestal 'n landbouer geword. Gevolglik het akkerbou-produksie belangriker as dié van lewende hawe geword. Ná die Tweede Wêreldoorlog (1946) is baie van die Koepel-weidingsgras vir landerye omgeploeg, aangesien meganiese trekkers in die handel beskikbaar geword het en osse nie meer vir ploegwerk gebruik is nie.[158] Grondbenuttingspatrone het gevolglik verander, en 'n transformasie het in die natuurlike landskap plaasgevind. Die meeste oewerplase in die Koepel-omgewing is geskik vir akkerbou op die vloedvlaktes langs die Vaalrivier, waarvan 450 ha. oor besproeiingsregte in 2010 beskik het.[159]

Uit beskikbare handgeskrewe data van een van die ou inwoners van die omgewing, kan ons tot die volgende gevolgtrekkings rakende die landbou kom.[160] Die afgelope 75 jaar is goed beplande besproeiingspraktyke op kleiner oppervlaktes met 'n hoë potensiaal aan beide kante van die Vaalrivier intensief vir

---

154 W. Visser, "Die minerale revolusie" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 191.

155 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 32, 1969(1), p. 183.

156 TAB, SS, 2591 [R15391/90] "J.J. Kruger vraagt toekenning stuk grond te Venterskroon" 1890.10.31.

157 W. Visser, "Die minerale revolusie" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 189.

158 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 73.

159 I.J. van der Walt *et al.*, "The role of geohydrology in the determination of a spatial development framework in the Vredefort Dome World Heritage Site" in *Water*, 2(4), 2010, p. 746.

160 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" g.p.

landbou benut. Verder is grond met water (waterplase) en eenhede langs die rivier (rivierplase) met waterregte, nog altyd duurder as die droë plase teen die heuwels en koppe. Dit is opvallend dat elke plaaswerf 'n groentetuin, vrugteboord en blomtuin nader aan die huis het, wat in die gesin se behoeftes voorsien. Aartappels, beet, wortels, blaarslaai, eiervrug, groenboontjies, groenertjies, groenmielies, kool, patats, pampoene, soetrissies, spinasie, tamaties, uie, waatlemoene, spanspekke en komkommers word op klein skaal geplant en met leivore of per hand natgelei.[161]

In 1903 het Parys se munisipaliteit 'n versoek aan die staat gerig om die toekenning van 'n magistraatsetel, waarna 'n kommissie van ondersoek verslag moes doen oor die geskiktheid van die dorp vir so 'n setel. Om die unieke karakter van Parys te beklemtoon, het ds. J.C. Hefer van die Nederduitse Gereformeerde Kerkgenootskap se gemeente, wat voorsitter van die bestuursraad van Parys was, op 27 Mei 1903 die volgende rakende die vrugte in die omgewing van die dorp geskryf:

> *I have never seen better crops of fruit as far as peach, apricot, apple, pear, fig and quince are concerned than in Parys. Whereas Nectarine seems to thrive particularly well, and according to my experience, matures its fruit better than elsewhere in the O.R.C. (Orange River Colony) ... I have known seasons, wherein the frost killed everything throughout the greater part of the O.R.C. and that 4 miles from Parys, away from the river, not a peach was found on a tree; yet the fruit crop in Parys was unimpaired ... Not that we have no frost here, there must be some cause neutralising the effect of frost.*[162]

Hierdie aanhaling verwys nie net na die besondere kwaliteit van die vrugte in die omgewing nie, maar meer spesifiek na die feit dat ryp in die omgewing van die dorpsgebied van Parys min skade aan die vrugte veroorsaak. Uit onderhoude blyk dit dat sommige gedeeltes, meestal die laagliggende Vaalrivier-oewergebied, swaar ryp kry, terwyl daar op die noordwestelike koppe (bosveld-biostreke) areas is wat rypvry is, en waar selfs piesangs vroeër suksesvol aangeplant is.[163]

### *Leiwater*

Elke boer moes planne maak om water na die huis, landerye en veesuipings aan te lê. Besproeiing kon meestal net plaasvind waar 'n fontein of die natuurlike val van

161 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" g.p.

162 J.H. van Eden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 24.

163 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

'n stroom die uithaal van water met 'n minimum van koste en moeite moontlik gemaak het. Dit het veroorsaak dat landbougewasse nie op alle Koepelplase met sukses verbou kon word nie. Dit blyk duidelik uit die onlangse kaart wat die grondbenuttingspatrone in die gebied uiteensit, en uit onderhoude met grondeienaars, dat klip en rotse veroorsaak dat landbou nie op alle plaaseenhede moontlik is nie.[164]

Vrugteboorde met appelkose, droogdruiwe, lemoene, nartjies, geelperskes, appels, pere, pruime, pruimedante, tafeldruiwe, vye, pekanneute en selfs aarbeie is op die afgesette vloedvlakte langs die Vaalrivier aangeplant.[165] Hierdie boorde is met leiwater uit 'n besproeiingskanaal, dammetjie, die rivier of vanaf 'n fontein uit die berg natgelei.[166] Op sommige plase word sprinkelstelsels gebruik, wat uit aluminiumpype bestaan wat losgemaak en gedra word om dit te verskuif.[167] By die pekanneutboord op Buffelskloof word rivierwater met die drupbespoeiingstelsel, 'n stelsel wat lank reeds in Israel en Australië op kommersiële skaal aangewend word, gebruik.[168] Dié stelsel, wat uit 'n netwerk van dun plastiekpypies bestaan, is bo- en ondergronds deur die hele boord aangelê.[169] Water word op hierdie manier teen 'n lae tempo toegedien, sodat die vermoë van die grond om water op te neem, nooit oorskry word nie. Verder verminder dié stelsel verspreidings- en verdampingsverliese van water, en verdamping op die grondoppervlak word tot 'n minimum beperk. Sommige van hierdie vrugte word ingelê of gedroog, en ander word as varsprodukte verkoop. In Boomstraat op Parys was daar byvoorbeeld daaglikse groente-en-vrugtestalletjies waar produkte uit die omgewing verkoop is.[170] In 1905 was een van die eerste industrieë wat op die dorpie Parys gestig is juis 'n konfytfabriek, wat teen 1906-1907 ongeveer 40 ton vrugte per jaar van die plaaslike boere aangekoop het.[171]

---

164 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05; I. J. van der Walt *et al.*, The role of geohydrology in the determination of a spatial development framework in the Vredefort Dome world heritage site, in *Water*, 2(4), 2010, p. 756.

165 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" g.p.

166 GPA, MO2, J.S. van der Merwe (74), Thabela Thabeng 2008.06.03.

167 Terreinbesoek, Kromdraai 2010.08.25

168 F.A. Venter (red.), *Water*, p. 369.

169 Terreinbesoek, (Thabela Thabeng) Buffelskloof 2010.11.19.

170 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14; GPA, MO2, J.G.E. Fourie (76), Parys 2010.12.01.

171 A.G. Oberholster, "Parys on the Vaal" in *Contree*, 3, 1978, p. 13.

***Besproeiingsplase***

Aan die begin van die 20ste eeu is besproeiingsplotte aan die noordekant van die Vaalrivier op Rietpoort en Koppieskraal uitgemeet en verkoop.[172] Hierdie eenhede, wat as 'n oplossing en heenkome vir die groeiende aantal armblankes gesien is, het leiwater uit besproeiingskanale gebruik om landbougewasse te besproei. Knoffel (op 'n onderverdeling van Rietpoort) en selfs rose (op 'n onderverdeling van Koppieskraal) is met sukses verbou.[173] Groente en vrugte is meestal aangeplant om in die behoeftes van die gesin te voorsien, maar op sommige plase is groente en vrugte op groot skaal verbou. Groente soos wortels, aartappels, kool en patats, is uit die Vaalrivierkanaalstelsel besproei.

Aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier het Koos Schoeman (1936) en later sy skoonseun Jan Greef groente op Bet-El (gedeelte 261) vir die mark verbou.[174] Gedurende die 1950's het die Portugees Manny Santana wat 'n groentewinkel op Parys gehad het, weer 'n lappie grond op Aasvogelrand vir dié doel gebruik.[175] Die noordelike deel van die Vrystaat, wat vroeër onder die Kroonstad- en Heilbrondistrikte geval het, is juis in 'n verslag van die geoloog, G. Stow, in 1878 as die vrugbaarste grond in die hele Vrystaat bestempel.[176] Alhoewel sommige mense meen dat die betrokke grond nie die beste landbougrond in die land is nie, is die grootste gedeelte van die Koepelarea vir landbou gesoneer, en heelwat mense maak tot op hede 'n bestaan daaruit.[177]

172 TAB, LTG, 30 [32/3] "RE Cost Government irrigation Scheme projected at Parys" 1903.05.02; TAB, LD, 1284 [AG2755/07] "Irrigation Scheme projected by the Municipality of Parijs" 1906.06.14.

173 GPA, MO2, B, York (61), Somerplaas 2011.02.24; GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

174 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Bet-El 261, p. 1.

175 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Aasvogelrand 149, p. 1.

176 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 161.

177 GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk 2008.06.04; GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25; GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena; 2010.05.05, 2010.09.29, 2010.10.13; GPA, MO2, A.G.H. Kotzé (65), Helena 2011.02.05; G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

### *Landbougewasse*

Tabak

Tabak, wat aanvanklik (1861) net vir eie gebruik in die Vrystaat verbou is, het vanweë die klimaat in die omgewings van Kroonstad en Vredefort gefloreer.[178] Aangesien die suurgehalte van die rooigrond geskik was vir tabak, is groot gedeeltes van hierdie uitgestrekte doringveld oor die jare ontbos, wat die grond geweldig uitgedroog het.[179] Aan die begin van die 20ste eeu was die tabakbedryf in hierdie area 'n winsgewende bedryf en goeie tabakpryse is behaal. As gevolg van die sukses van hierdie bedryf het die tabakboere in 1928 die "Vaalrivier Ko-operatiewe[180] Tabakboere-Vereniging" (VKTV) op Parys gestig om die boere in die omgewing by te staan. Al langs die Vaalrivier, vanaf Daskop tot by Schoemansdrif, is goeie kwaliteit tabak gekweek, wat met water uit die rivier besproei is.[181] Die planttyd en oes van tabak was groot werk en alles is met die hand, die os en die ploeg verrig. Tabakkweking, wat baie meer sorg as graanverbouing geverg het, is meestal deur seisoenwerkers gedurende die somermaande verrig. Dit het gevolglik werksgeleenthede in die omgewing geskep.

Mielies

Mielies, wat 'n droëlandgewas is, is met sukses onder besproeiing verbou. Die grasveldbioom tussen die Koepelrante is veral gunstig vir die verbouing van saadmielies, omdat bestuiwing nie van buite plaasvind nie.[182] Gevolglik is op Baskop selfs skure opgerig waar die saadmielies van die Koepelboere vir die mark verwerk is. Op dieselfde plaas het een van die vorige eienaars sy eie meganiese besproeiingstelsel ontwikkel. Meneer Dawie Schoeman het naamlik op 'n Trust Bank-veiling 'n saag met 'n enjin op wiele gekoop en dit suksesvol in 'n spilpunt-sprinkelbesproeier verander.[183] Die eerste elektries aangedrewe spilpunt-sprinkelbesproeier is vanaf Nebraska in 1974/1975 na Suid-Afrika ingevoer.[184] Hierdie vorm van besproeiing het 'n groot omwenteling in die Suid-Afrikaanse

178 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in A*rgiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 164.

179 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

180 Oorspronklike spelling.

181 GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10.

182 GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25.

183 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

184 Anon., "60 years of pivot irrigation" in *S.A. Irrigation*, 30(1), 2008, p. 4.

landbou meegebring, veral in landstreke waar water en grond volop was en die grootmaatverbouing van monokulture kon plaasvind.

***Faktore wat landbougewasse beïnvloed***

Osse is in die beginjare ingespan om te help met die skoonmaak van landerye, terwyl ploeg, plant en oes, met enkelskaarploeë, 'n eg en met die hand gedoen is.[185] Gereedskap het aanvanklik ontbreek en landboumetodes was grotendeels onontwikkeld.[186] 'n Gereelde advertensie van die firma A. Forssman (Potchefstroom) in 1859 in die Staatskoerant het nuwe besendings van Amerikaanse ploeë aangekondig, wat 'n aanduiding is dat sulke eentand-ploeë 'n mark in dié omgewing gehad het.[187] Die eerste ou dorsmasjiene (wat in die 20ste eeu hul verskyning plaaslik gemaak het) was swaar, en moes saam met 'n stoomenjin en 'n span osse die mielie-oeste dors.[188] Ná die Tweede Wêreldoorlog (1946) het meganisasie in die vorm van trekkers, dorsmasjiene en -stropers met dieselenjins dit moontlik gemaak om op groter skaal te plant, terwyl die bewerking, insameling en verwerking van die oeste daarmee landboutoestande verbeter het. Gedurende hierdie tydperk is onder andere *Fordson Dexta*-trekkers, gevolg deur die *Soil Master*-dorsmasjiene, in dié area aangekoop.[189]

By die aanvanklike gebrek aan 'n afsetgebied in die Boererepublieke en die effek van droogtes, peste en plae, was die vervoer van produkte na die meule en mark boonop 'n probleem vir meeste boere in die omgewing.[190] Teen 1840 was die ossewa die enigste vervoermiddel, wat net ongeveer 32 km (20 myl) of 'n agt-uur-skof per dag kon trek.[191] Daarbenewens was die markte ver, die paaie sleg en vervoer gevolglik duur. Die driwwe waar die Vaalrivier oorgesteek is, was meestal uitgery en modderig, en het dikwels ernstige ongelukke tot gevolg gehad. Op Potchefstroom was 'n paar meulens langs die Mooirivier in bedryf vir die boere aan beide die noorde- en suidekant van die Vaalrivier. Ná die stigting van Parys (1883) is 'n paar meulens langs die Vaalrivier opgerig, en selfs Vredefort en

185 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

186 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 166.

187 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 181.

188 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

189 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Barnardsrus, p. 1.

190 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), pp. 161, 183.

191 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 67.

Reitzburg het elk een meul gehad. Vir die Vrystaatse boere was hierdie sentra vir die maal van koring en mielies tot groot nut.

Ná die ontdekking van diamante (1867) in die westelike deel van die Vrystaat het paaie en vervoermiddele drasties verbeter. 'n Toestroming van mense en baie geld in omloop, het 'n afsetgebied vir die Vrystaatse landbou en veeteelt geskep.[192] Die ontdekking van goud (1886) aan die Rand was veral vir die Kroonstad-, Heilbron- en Harrismith-produkte 'n nuwe afsetgebied.[193] Teen 1892 het die binnelandse mark egter grootliks gekwyn as gevolg van die verlenging van die bestaande spoornetwerk tot in Transvaal. Die een lyn het oor Klerksdorp, Potchefstroom en Krugersdorp na Johannesburg geloop, en die ander lyn oor Kroonstad, Dover, Vereeniging na Johannesburg. Hierdie spoorverbindings het gevolglik die Koepelarea uitgesluit, en transportkostes na die naaste stasies was duur. Verder kon die bestaansboerderystelsel nie met die buitelandse landbouproduksie meeding nie. Die gevolg was dat die area vir 'n aantal jare grotendeels geïsoleer is. Die eerste brug wat in 1915 oor die Vaalrivier gebou is (die wabrug), was tot voordeel van die dorpie Parys en die omliggende streke suid van die Vaalrivier. Vrag- en passasiersvoertuie is egter eers teen die 1930's algemeen in die Koepel-omgewing gebruik.[194]

Oor die jare het verskeie faktore negatief op die landboubedryf ingewerk.[195] Groot verliese is gely as gevolg van rampe soos haelstorms, brandstigting en langdurige droogte-toestande, terwyl tabakboere moes meeding met tabak wat uit Zimbabwe (destyds Suid-Rhodesië) ingevoer is. Ná 1996 het rioolbesoedeling in die Vaalrivier daartoe bygedra dat die aroma van die Koepeltabak in so 'n mate verander het dat dit, soos in die geval van ander landbouprodukte, by die mark afgekeur is.[196] Dit het veroorsaak dat tabakskure afgebreek is, lande braak lê en die vraag na arbeid dienooreenkomstig afgeplat het.[197] Hierdie verloop van sake het veroorsaak dat die Vaalrivier Tabakkoöperasie (VTK) op Parys gesluit het, en

---

192 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), pp. 232, 233.

193 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 235.

194 GPA, MO2, J.J.L. Venter (86), Waterval 2011.05.14.

195 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05; GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk, 2008.06.04.

196 GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk 2008.06.04.

197 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05; GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk, 2008.06.04.

dat die enkele oorblywende tabakskure vandag vae herinneringe aan 'n eens winsgewende bedryf oproep. Hierdie insinking van die tabak- en landboubedryf het menige boer finansieel geknou.[198]

Landbou-eenhede waar groot oppervlaktes omgeploeg is, oorbeweiding en gronderosie, het die natuurlike plantegroei, veral op die kleiner grondeenhede, versteur. Op die omgeploegde landerye is een soort graangewas gesaai of tabak geplant. In die proses is inheemse spesies vernietig en het die mikroklimaat gevolglik verander. Kontrasterende kultuurlandskappe[199] is gevolglik sigbaar teen sommige grensdrade (*Figuur 73*).



Figuur 73: Kultuurlandskappe langs 'n grensdraad[200]

Areas is deur landbou ontbos, terwyl daar op die veeplase bosindringing plaasgevind het.

***Boereverenigings***

Die *Maatschappij van Landbou en Veeteelt* het reeds in 1866 'n landboutentoonstelling op Potchefstroom vir Transvaal se landbouers gehou.[201]

198 GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk 2008.06.04.

199 Landskappe wat deur die werksaamheid van die mens merkbaar verander is, C. Kruyskamp, *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal (1)*, p. 483.

200 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Tijgerfontein 2011.03.19.

Die stigting van die Vrystaatse Landbougenootskap nege jaar later (1875), wat tentoonstellings en veilings in die Vrystaat gehou het, was tot groot hulp vir die boere aldaar.[202] In 1897 is die Transvaal Landbou-unie in die Z.A.R. gestig om die belange van sy lede, die landbouers, te beskerm; dit was instrumenteel tot die instelling van 'n landbou-departement.[203] Verskeie boereverenigings is gestig om voorligting aan boere te gee, 'n spreekbuis vir hulle klagtes te wees, en 'n belangrike rol in die boerderybedrywighede van 'n oorwegend agrariese gebied te vervul. Naas meganisasie, het die vergroting van verbouingsoppervlaktes, kunsmisstowwe en verbeterde tegniese dienste oor die algemeen die produksie verhoog. Nadat 'n mark binne bereik van die area ontstaan het (Johannesburg, Potchefstroom, Vredefort en Parys), is gewasse hoofsaaklik daarvoor verbou. Die "Vaalrivier Ko-operatiewe[204] Tabakboere-Vereniging" (V.K.T.V.) wat in 1928 op Parys gestig is, het gedurende die vyftigerjare hul naam verander na die Vaalrivier Tabakkoöperasie (V.T.K.).[205] V.T.K. het stropers, enjins en ander landbou-implemente en ander boerderybenodighede versprei en gediens. Op 'n gereelde basis is nuttige tabakproduksie-voorskrifte ook aan lede uitgestuur.[206]

Landbou staan nie teenoor bewaring nie; meeste boere besef die belangrikheid van aspekte soos die bekamping van indringer- en uitheemse spesies, grondbewaring en besoedeling. Dit is nodig om hierby te noem dat daar daadwerklike pogings aangewend word om bestaande boere in te lig rakende die volhoubaarheid van boerdery.[207] Hiervolgens word moderne kennis en hulpmiddele gebruik om voedsel met maksimumvoedingswaarde te kweek. Gevolglik word boere aangeraai om grondmonsters by 'n laboratorium te laat ontleed sodat die betrokke minerale gebalanseer kan word. Verder word wisselbou (van graan- en peulgewasse), groenbemesting en die opbou van

---

201 TAB, SS, 81 [R1077/66] "Versoek aan den President en Uitvoerende Raad om eene tentoonstelling op gerichte Maatschappij van Landbou en Veeteelt geldelik te willen steunen" 1866.10.20.

202 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1969(1), p. 252.

203 TAB, SS, 0 [R13407/98] "Transvaal Landbou Unie, Pretoria. Vraagt officieele aanstelling als adviseur der regeering of instelling van een landbouw department" 1898.10.17.

204 Oorspronklike spelling.

205 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.05.14.

206 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.05.14.

207 G.P. Schoeman "Boer Groen, volhoubare ontwikkeling" in *Impak*, 4, 2010, p. 17; Vriende van die Koepel/Vredefortkoepel Bewarea-jaarvergaderings, Ibalabala 2010.08.21, Thabela Thabeng 2011.08.21; "Old Imperial Inn" Venterskroon 2012.07.28.

organiese materiaal in die grond aanbeveel. Daar word ook gewaarsku om plaag- en onkruidbeheer verantwoordelik toe te pas, sodat minimale insette nodig is om maksimale opbrengste te lewer. Dit blyk dat pogings aangewend word om biologiese boerderybeginsels toe te pas, en eerder saam as teen die natuur te boer.

**Wildboerdery**

Die tipe gras wat in die sentrale bosveld-biostreek[208] (Savanna-variasie), en meer spesifiek die Goudrif- en die Andesitiese bergagtige bosveldbiome op die Koepelrante voorkom, is bruikbaar vir wildboerdery.[209] Dit blyk dat "nuwe" grondeienaars, wat meestal van elders kom, gevolglik eerder kapitaal in wildboerdery en toerisme belê as in landbou of veeboerdery. Verder is die inheemse wildspesies se impak op die bioom baie laag en hulle benodig minder water, in teenstelling met stoetbeeste en oorbeweiding wat die inheemse grasveldbioom grotendeels vernietig.[210] Die afgelope paar jaar is grond op verskeie plase in die Koepel-berglandomgewing oorwegend vir wildboerdery benut. Wildheinings is opgerig, en die beweeglikheid van die wild is sodoende ingeperk. Sommige inheemse spesies wat voorheen hier voorgekom het, soos die swartwildebees (*Connochaetes gnou*), blesbok (*Damaliscus dorcasphillipsi*), kwagga (*Equus quagga*), springbok (*Antidorcas marsupialis*), en eland (*Taurotragus onyx*), het lank reeds in hierdie area uitgesterf.[211] Die Johannesburgse dieretuin gebruik reeds vir etlike jare hulle plaas Rietkuil 110 IQ in die Koepel as teel- en navorsingstasie. Verder benut private instansies, soos *Thwane Bush Camp*,[212] *Jabulani Game Lodge and Safaris*,[213] *Esperanza Hunting and Fishing Safaris*,[214] *Kayansee*,[215] *Kwa Nokeng Safaris*,[216] *Chazen*,[217] *Kommandonek*[218] en *Aasvoëlrand*

---

208 L. Mucina & M.C. Rutherford (eds.), *The vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland*, pp. 757, 784.

209 I.J. van der Walt *et al.*, "The role of geohydrology in the determination of a spatial development framework in the Vredefort Dome world heritage site" in *Water*, 2(4), 2010, p. 746.

210 L. Mucina & M.C. Rutherford (eds.), *The vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland*, p. 357.

211 L. Mucina & M.C. Rutherford (eds.), *The vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland*, p. 357.

212 GPA, KK1, Verblyf, www.twanebushcamp.co.za; info@thwanebushcamp.co.za.

213 GPA, KK1, Verblyf, www.jabulanigame.co.za; jabulanigame@mweb.co.za.

214 GPA, KK1, Verblyf, www.esperanzasafaris.com; info@esperanzasafaris.com.

215 GPA, KK1, Verblyf, www.kayanzee.co.za; info@kayanzee.co.za.

216 GPA, KK1, Verblyf, kwanokeng@yahoo.com.

*Safaris*,[219] die bergagtige bosveldbiome om inheemse wild te vestig. By die Dell-luiperdsentrum, 'n wildreservaat noord van Parys, word, bo en behalwe verblyf, kampering en wildbesigtiging wat aangebied word, met skaars inheemse diere soos luiperds en aasvoëls geteel.[220]

**Veranderde tendense in grondbenutting**

Die term "Antropogeen" word deur wetenskaplikes gebruik om die geologiese era van die afgelope 300 jaar, waartydens die mens die natuur en wateromgewing wêreldwyd gemanipuleer het, aan te dui.[221] Die verandering in grondbenutting en grondbedekking as gevolg van die mens se aktiwiteite is tendense wat deesdae, veral in die studie van langtermyn- en wêreldwye omgewings- en klimaatsverandering, belig word.[222] Buiten die langtermyn-dimensies, het sulke verandering meestal onmiddellike omgewings-implikasies vir die omliggende streke.[223] Dit is ook in die Koepel-omgewing die geval.

Die behoefte van stedelinge om in 'n landelike gebied te ontspan, het 'n verandering in landelike grondbenutting teweeg gebring. Algemene menslike verskynsels wat eie is aan die 20ste eeu, soos meer vrye tyd, groter beweeglikheid en hoër inkomste, tesame met die gepaardgaande behoefte om in die landelike gebiede te ontspan, het ook in die Koepelarea 'n veranderinge teweeg gebring.[224] Die behoeftes van mense is ook uiteenlopend. Onder die plaaslike bevolking van inwoners in die studie-area is verskeie persone wat verkies om in die landelike gebied te woon en dan na hul werk in die stede te pendel.[225] Dan is daar deeltydse boere of sogenaamde "naweekboere" wat elders in die week werk om

---

217 GPA, MO2, J. Viljoen (53), Chazen 2010.11.03.

218 Terreinbesoek, Kommandonek 2011.02.05.

219 Terreinbesoek, Aasvogelrand 2010.09.29.

220 GPA, KK1, Verblyf, www.thedell.co.za.

221 D. Chakrabarty, "The climate of history: four theses" in *Critical Inquiry* 35(2), Winter 2009, p. 209; J. Oosthoek *et al.*, "Past Actions, present woes, future potential: rethinking history in the light of anthropogenic climate change" a model university syllabus for history and related subjects, The Higher Education Academy (2011), p. 5.

222 M.E. Schlesinger *et al.* (eds.), *Human-induced climate change; an interdisciplinary assessment*, p. 2; J.I.L. Morison & M.D. Morecroft (eds.), *Plant growth and climate change*, p. vii.

223 K. Hubacek & J.C.J.M. van den Bergh, "The role of land in economic theory, land use change project, May 2002, International Institude for applied systems analysis", p. 3.

224 S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 89.

225 GPA, MO2, O. Basson (76), Parys 2011.05.14.

hulle inkomste aan te vul, en wat net deeltyds boer.[226] Laasgenoemdes begin gewoonlik met groot entoesiasme, maar met verloop van tyd word daar al hoe minder aandag aan die boerdery bestee. Die gevolg is dat die landbougrond in onbruik raak en selfs verval, en die eienaar net kos en lone stuur aan die arbeiders wat die plaas oppas.[227] Daar bestaan ook 'n groep eienaars wat vakansie- of naweekhuise in hierdie area besit.[228] Die aankoop van die eiendom is dan meestal om te ontspan of om weg te kom van die stedelike milieu sodat daar van boerdery geen sprake is nie. Dit blyk dat die beweegrede vir die aankoop van hierdie eiendomme meestal die behoefte is om 'n eie plekkie in die omgewing van die Vaalrivier te besit wat gedurende naweke en vakansietye besoek kan word.

## Handel en ekonomie

Gedurende die 19de eeu was natuurlike verbruiksartikels en lewensmiddele soos wild (vir die kospotte) en water in die grootste deel van die destydse Transvaal en Noordwes-Vrystaat in oorvloed beskikbaar.[229] Derhalwe kan ons aanneem dat die beskikbaarheid van 'n groot wildstapel vroeër noodwendig en spontaan die ekonomiese bedrywighede van die pioniers in die rigting van 'n jagterslewe gedwing het. Uit die dagboekinskrywings van Louis Trigardt kan onder meer afgelei word dat die jag op wild gedurende die trekjare 'n alledaagse aktiwiteit was.[230] Min mense het vir genot en ontspanning gejag. Veral noord van die Vaalrivier is hulle dikwels deur wesentlike armoede daartoe gedwing.[231] Die wildstapel was vir baie 'n natuurlike hulpbron wat benut kon word om vleis vir persoonlike gebruik te verkry. Daarby is die velle en horings van die jag aan rondreisende smouse,[232] handelaars en later gevestigde handelshuise in die stedelike nedersettings van Potchefstroom, Vredefort en Parys verhandel of

226 GPA, MO2, A.G.H. Kotzé (65), Helena 2011.02.05.

227 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

228 GPA, MO2, H.G.W. du Plessis (65), Reebok kop 2010.11.03; V.E. d'Assonville, *Generaal de Wet in die Vredefortkoepel*, p. 1, V.E. d'Assonville besit 'n plot langs die Vaalrivier sedert 1978.

229 E.J. Carruthers, Game protection in the Transvaal 1846 to 1926, in *Archives year book for South African History*, 1995, p. 1.

230 T.H. le Roux (red.), *Die dagboek van Louis Trigardt*, pp. 2, 3, e.v.

231 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 11.

232 G. Verhoef, "'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 211.

verruil. Potchefstroom is beskou as een van die welvarendste gebiede in die Transvaal.[233]

### Potchefstroomse mark

Die binnelandse samelewing het teen die 1840's hoofsaaklik uit stedelinge, veeboere en landbouers bestaan. Ná die stigting van Potchefstroom (1838) was die dorp die middelpunt van ekonomiese bedrywighede in die streek. Dit was tot voordeel van die boerende gemeenskap suid van Potchefstroom. Die binneland was afhanklik van handel met Natal, maar vervoerkostes was besonder hoog. Buitelandse handelsmoontlikhede was uiters beperk, omdat die hawens van Delagoabaai, Durban, Port Elizabeth en Kaapstad so ver was. Hierdie veeboer-pioniers het aanvanklik blywende handelsbetrekkinge met hulle Portugese bure opgebou. Aangesien hulle nie self handelaars was nie, was hulle hoofsaaklik aangewese op mense wat negosieware uit die Kaapkolonie gebring en dit dan in die binneland verkoop of verruil het. Handelsartikels soos "buffel en zeekoe huiden, panther, tyger en leeuwen vellen", ivoor, volstruisvere, wol, byewas en heuning, swawel, hout en gom, is byvoorbeeld vir verskeping na die Portugese hawe, Delagoabaai, gebring.[234] Aanvanklik het geld ontbreek, maar die pioniersbestaan was gebaseer op 'n ruil- en nie 'n geld-ekonomie nie. Derhalwe is artikels soos vee, horings, velle, potte, ivoor en volstruisvere as ruil- of betaalmiddele vir ingevoerde goedere gebruik.[235]

Potchefstroom se sentrale ligging het die smouse en handelaars van die hawestede na die binneland getrek.[236] Verder het Andries Pretorius handelsgeleenthede geskep deur buitelanders aan te moedig om eiendomme in hierdie dorp te koop, wat geld in die land gebring het en sodoende ekonomiese groei in die omgewing bewerkstellig het.[237] In die tydperk 1853-1866 was Potchefstroom, met 'n blanke bevolking van ongeveer 1200 siele, die grootste dorp in die Z.A.R.[238] 'n Mark is vir plaaslike produkte geskep, 'n goeie prys is vir

233 G. Verhoef, "'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 211.

234 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 174.

235 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 22.

236 G.N. van den Bergh, "The influence of British traders on early Potchefstroom, 1852-1877" in *Historia* 54(2), Nov. 2009, p. 37.

237 G.N. van den Bergh, "The influence of British traders on early Potchefstroom, 1852-1877" in *Historia* 54(2), Nov. 2009, pp. 38, e.v.

238 G.N. van den Bergh, "The influence of British traders on early Potchefstroom, 1852-1877" in *Historia* 54(2), Nov. 2009, p. 40.

wol aangebied en vendusies is gereeld gehou. Gevolglik het die gevestigde boerderybedryf teen 1860 'n groter welvaartsbron as die minder bestendige jagterslewe gebied.[239] Gedurende die reënseisoen kon die Vrystaatse boere nie met hulle produkte na Potchefstroom reis nie, omdat die Vaalrivier in vloed lewensgevaarlik was. Dit het vir hulle 'n probleem geskep, aangesien Bloemfontein se mark vir Koepelbewoners heelwat verder as Potchefstroom s'n was.

Om 'n geheelbeeld te vorm van die handelsprodukte van dié tydperk, is dit interessant om te let op die tipe items wat teen die 1880's op Potchefstroom se mark te koop aangebied is. Daar was: graan soos mielies, koring, sorghum en hawer in verwerkte vorm, asook meel; vee soos skape, beeste, perde en varke; landbouprodukte soos tabak, bone, erte, aartappels, waatlemoene en spanspekke; groente soos pampoene, uie, wortels, patats en kool; en vrugte soos perskes, appelkose, okkerneute, (soet en suur-) lemoene, amandels, kwepers, appels en druiwe; neweprodukte soos kaas, botter, spek, ham, konfyt, beskuit, kerse, eiers, wol, velle (skaap en bees), brandewyn en asyn; asook pluimvee soos eende, makoue, kalkoene en hoenders.[240] Die verkopings wat onder die opbrengste van die jag geressorteer het, was: bobbejaan-, aap-, volstruis- en meerkatvelle; olifant-, seekoei-, en varktande, koedoe- en renosterhorings, kameelbene, volstruisvere en -eiers. Verder is rou-, gebreide en gelooide velle, sole, tabak- en knapsakke, rieme, stroppe, swepe, voorslae, sambokke, velskoene, karosse, biltong, vet en seep ook van die hand gesit.[241] Ons kan hieruit aflei dat dit algemene produkte uit die jag, veeteelt en landbou in die Potchefstroomse omgewing, en heel waarskynlik ook in die Koepelarea, was. Die verspreiding van hierdie produkte, wat uitgevoer is na Natal, die Kaapkolonie, die diamantvelde en die Vrystaat, is egter by tye vertraag as gevolg van die Vaalrivier wat in vloed was en swak paaie wat die waens laat breek het.[242]

### Skuldlas en die verskynsel van armoede

Die armblanke probleem, veral in die tydperk ná die Anglo-Boereoorlog, was hoofsaaklik 'n landelike een. Die betrokke groep was meestal Nederlands- (Afrikaans-) sprekendes, sonder skoolopleiding of vaardighede, en die slagoffers

239 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 182.

240 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 183.

241 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 183.

242 G.N. van den Bergh, "The influence of British traders on early Potchefstroom, 1852-1877" in *Historia* 54(2), Nov. 2009, p. 44.

van natuurrampe, soos langdurige droogte-toestande.[243] Later het die probleem van armoede ook in die stedelike gebiede voorgekom, maar dit val buite die bestek van hierdie studiegebied. Uit bestaande gegewens kan ons tot die gevolgtrekking kom dat armoede sedert die vroeë vestiging algemeen in die binneland voorgekom het, dat die bates van die gemiddelde persoon nie groot was nie en dat die ekonomiese bestaan onder pioniers-omstandighede uiters moeilik was.[244] Die oorsaak van hierdie armoedige bestaan kan ons grotendeels toeskryf aan die gevolge van die trek uit die Kaapkolonie (Groot Trek), waar 'n mate van verarming reeds op die trekpad ingetree het, en verskynsels soos droogte, veesiektes en veral veediefstal deur die inheemse bevolking dit verder aangehelp het.[245] Daarby was die veeboerdery nog betreklik onontwikkeld en jag gevolglik 'n belangrike bron van voedsel.[246] Die opkoms van armoede in die Koepel-omgewing het egter ná die mislukte pogings op die Potchefstroomse delwerye ingetree. Grootskaalse armoede het ook ná die bankkrisis van 1890 voorgekom.[247]

### *Peste, plae en rampe*

Afgesien van droogte, met al die ellende wat dit meegebring het, het die Koepelboere ook met insekplae en ander teisteringe te doen gekry. Die koste van spuitstof, wat deur die koöperasie hanteer is, was nog altyd hoog. Vroeër jare is beide die destydse Z.A.R. en O.V.S. deur peste, plae en rampe getref. Beide republieke se volksrade het egter die burgers gehelp om sulke beproewinge te bowe te kom. Die Vrystaatse regering het in 1870 wetgewing teen die boetebossie aanvaar, die bestryding van Brandsiekte in 1889 verpligtend gemaak, en omheinings is in 1890 op groot skaal aangebring.[248] Tydens die runderpes-epidemie (1896-1897) is hulp van staatsweë aangebied deur middel van veeartsenydienste, en is maatreëls getref om die beweging van lewende hawe en omvattende dip-prosedures op bepaalde plekke te beheer.[249]

---

243 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 454.

244 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 15.

245 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, pp. 20, 21.

246 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 15.

247 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 454.

248 A.P.J. van Rensburg, Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30, 1967(2), p. 148.

249 E.S. van Eeden e.a., "'n Omgewingsgeskiedenis van Suid-Afrika" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 513.

Sprinkane het gereeld in hul vlieërstadium in die Koepelarea aangekom en soos 'n bruin wolk in die weste gelyk.[250] As die voetgangers 'n stroom water bereik, het die voorstes begin deurswem en die agterstes het dan sommer die voorste swemmers as brug gebruik om oor die water te kom.[251] Die staat het 'n sprinkaanbeampte in elke distrik gehad. Verder het die Vrystaatse regering selfs handpompe en gif aan die boere verskaf om die sprinkane in die voetgangerstadium te bespuit. Teen die begin van November 1892, gedurende president Reitz se bewind, is die sprinkane sommer met 'n graaf doodgeslaan en lewend in vlak slote begrawe.[252] Sommige boere in sekere dele van die Vrystaat was teen die toediening van gif gekant, aangesien hulle geredeneer het dat die sprinkaan-uitroeiing in een gebied net tot gevolg sou hê dat hulle in ander onbesmette dele sou uitbroei. Verder het hulle geglo dat die natuur self sorg vir die uitroeiing deur sprinkaanvoëls te stuur, en dat slegs verootmoediging en gebed hier kon help.[253] Vir die grondeienaars in die Vaalrivier-omgewing was die enigste voordeel van die sprinkane dat geelvis baie van 'n vet sprinkaan aan die hoek gehou het.[254]

Bo en behalwe die sprinkane het geelgestreepte swart kommandowurms in groot swerms getrek en groot skade aan die groen gras verrig het. Die vee wou nie aan die oorblyfsels vreet nie, want die wurms het 'n stinkende taai afskeiding agtergelaat. Eers nadat dit gereën en die gras weer uitgeloop het, kon die weiveld weer gebruik word.[255] Ander peste in die studiegebied is die bobbejane, ape en ystervarke wat veral skade aan die boere se gesaaides aanrig, en jakkalse en rooikatte wat graag skape vang.[256] Die populierbome (*Populus*-spesies) wat langs die Vaalrivier op die plaas Kopjesdam gegroei het, en waarvan vroeë jare vuurhoutjies gemaak is, en wat as balke en sparre vir die tabakskure gebruik is, het as gevolg van die insinking van die Koepel se tabakbedryf vermeerder. Een

---

250 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

251 D.J. Jacobs, Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat, 1864-1888, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 32, 1969(1), pp. 179-180.

252 J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 109.

253 J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 109.

254 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

255 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.05.05.

256 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel" pp. 80, 81.

grondeienaar, Robert James Verster, het die bome met plantdoder bespuit, wat egter noodlottig vir homself was.[257]

Die verskroeide-aardebeleid van die Britte tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die Koepelarea swaar getref. Die verwoesting van plase, soos die huise wat afgebrand is, en die vee en gereedskap wat vernietig is, het nie net veestapels vernietig nie, maar grootskaalse landbou-agteruitgang veroorsaak.[258] Hierdie ramp het die verarming onder die boere-gemeenskap snel laat toeneem, met die gevolg dat hulle in toestande van agtergeblewenheid verkeer het.[259] Om toestande te vererger het klimaatsverandering, in hierdie geval droogte, met gepaardgaande peste en plae, veroorsaak dat verskeie armblanke-families[260] selfs hulle grond verloor het. Hierdie geaffekteerde mense het meestal by grondeienaars op die Koepelplase as bywoners 'n heenkome gesoek. Gevolglik het daar teen die einde van die 19$^{de}$ en vroeg in die 20$^{ste}$ eeu 'n tendens van landelike agteruitgang in die studiegebied, soos elders op die Suid-Afrikaanse platteland, voorgekom. Naas genoemde peste, plae, rampe (droogtes) en depressie, het die stelsel van gelyke erfgewoontereg onder die invloed van die Romeins-Hollandse regstelsel, met sy beginsel van "legitieme porsie" vir elke kind, veroorsaak dat plase oor jare in onekonomiese boerdery-eenhede opgedeel is.[261] Daarmee saam het die onvermoë om die groot aanwas van blankes op plase te akkommodeer 'n bydraende faktor geword wat tot verdere agteruitgang aanleiding gegee het.

### *Bywoners*

Die bywoner was tipies 'n blanke man wat op 'n plaas gewoon het, en in ruil vir sy dienste voorregte geniet het, soos 'n gratis woning, weiding en 'n deel van die oes.[262] Hierdie man het gewoonlik met sy gesin (vrou en kinders) in een van die ouer strukture op die plaas tuisgegaan en in diens van die grondeienaar getree. Hy het voorts landerye (gewoonlik die swakste grond op die plaas) gekry om te bewerk, asook loopreg vir sy vee. In ruil vir dié voorregte is van hom verwag om

257 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel" p. 9.

258 P. Naudé, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899 (Ph.D.), p. 76.

259 P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), pp. 22-23.

260 Die term "armblankes" is eers in die 20$^{ste}$ eeu ná die Carnegie ondersoek algemeen gebruik.

261 Die plaas Witbank (oorspronklik no. 119 in die Harrismith-distrik) waarop Nicolas Marthinus Jansen van Rensburg in 1849 eiendom-erkenningsgelde (rekognisiegeld) betaal het, is in 1867 onder 10 kinders (8 seuns en 2 skoonseuns) verdeel. VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/99, Boek B], p. 156.

262 F.F. Odendal (red.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 126.

'n gedeelte van sy oes (gewoonlik een derde) aan die eienaar af te staan.[263] Soms is arbeid op die plaas verrig in ruil vir verblyf en voedsel. Dit blyk dat bywonerskap as sosiale verskynsel reeds tydens die pionierstadium as 'n vorm van grondbesetting of as 'n wyse van vestiging bestaan het. Dit was gedurende hierdie tydperk in sommige gevalle voordeliger om nie grond te besit nie, aangesien jy nie verplig was om eiendom-erkenningsgelde (rekognisiegeld) te betaal nie, en ook nie plekgebonde was nie.[264] Hierdie bywoner-tradisie het in 1870 as 'n tydelike uitkoms in die binneland voorgekom,[265] maar het later 'n permanente stelsel geword waarmee sommige mense gelukkig was. Vir die bywoner was daar 'n mate van sekuriteit en hulle het in sommige gevalle, soos die bywoner op die plaas Tijgerfontein, selfs verblyfreg op die plaas behou nadat die eiendom van eienaar verwissel het.[266]

In die Potchefstroom-distrik (insluitend die Vaalrivierwyk) het verskeie faktore daartoe bygedra dat grondeienaars bywoners geword het. Soms was dit 'n ekonomiese oorweging, soos in die geval waar 'n transportryer sy besigheid moes staak as gevolg van die uitbreiding van die spoorwegnetwerk (1892).[267] Die onsekerheid in die politieke lewe, en herhaaldelike kommandodiens veral in die Transvaal (tydens die Jameson-inval 1896 en Anglo-Boereoorlog 1899-1902), het veroorsaak dat boere geweldige finansiële terugslae ondervind het.[268] Die subsidie wat boere van die "rooipatrys" (die sogenaamde naoorlogse repatriasieskema) ontvang het, was byvoorbeeld so gering dat meeste grondeienaars hul plase moes verkoop om hul verbandskulde te dek.[269] Diegene wat nie 'n bestaan kon voer nie, het hulle grond meestal verhuur of verkoop en dan weggetrek.[270] Soms het die gesamentlike eienaarskap van bywoner- en trekboerpraktyke wat die oorbenutting van die weiveld veroorsaak het, ook bygedra tot die verskynsel van armoede.

---

263 P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), pp. 6, 45, 47, 102.

264 Volgens die ondersoek van die Carnegie-Kommissie in P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), p. 5.

265 A.P.J. van Rensburg, Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1967(2), p. 145.

266 NWU, Fleischack-versameling [147] "Akte van Transport leningsplaats Tijgerfontein No. 641" 1923.08.27.

267 P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), p. 18.

268 P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), p. 22.

269 P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), pp. 22, 23.

270 GPA, MO2, J.C.A. Jansen van Rensburg (79), Kromdraai 2010.08.25.

Toestande is vererger deur die groot droogte en depressiejare van 1929-1933. Sommige bywoners is aan hul eie lot oorgelaat. In moedeloosheid het hulle met vee weggetrek op soek na weiding, en die meeste vee het dan gevrek.[271] Hierdie groep kan as "omgewingslagoffers" gesien word.[272] Op sosio-ekonomiese terrein was klimaatsomstandighede en die daaglikse stryd (droogte, oorlog en armoede) nie altyd bevorderlik vir die intellektuele ontwikkeling van die kinders nie; by tye het dit selfs verlammend op die onderwys ingewerk. Soms is kinders ter wille van plaaswerk en armoede uit die skool gehou.[273] Sommige bywoners kon skaars lees en skryf en hulle kennis van boerdery was hopeloos, maar dit was nogtans hul enigste manier van bestaan.[274] Ander was weer sosiaal-ekonomies verwaarloos, vuil, slordig en lomp of andersins verstandelik nie heeltemal normaal nie.[275] Dit wil tog uit gevallestudies voorkom dat 'n gebrek aan ondernemingsgees en luiheid, asook 'n algemene geestelike agterlikheid by die deursnee bywoner voorgekom het.[276] Hierdie mense se geestelike minderwaardigheid en maatskaplike verwaarlosing het ook in hulle godsdienstige en sedelike lewe tot uiting gekom. Gevolglik is die begrip bywoner met die landelike armblanke-arbeidersklas geassosieer.

Nie almal wat op plase 'n heenkome gevind het, het noodwendig onder bogenoemde klas geressorteer nie. Die wisselvalligheid van die reënval het boerdery in Suid-Afrika onseker gemaak, en dit was nie ongewoon vir boere om groot terugslae as gevolg van droogtes te ly nie. Verder het die toestande ná die Anglo-Boereoorlog en die gepaardgaande landelike verarmingsproses in menige geval grondeienaars gedwing om bywoners te word. In sommige gevalle het plaaseienaars wat nie permanent op die plase gewoon het nie en ander beroepe gevolg het, vir ander blankes 'n woning en verblyfreg op die plaas gegee en hulle

---

271 GPA, MO2, T.T. Cloete (86), Potchefstroom 2010.10.28; J. van Melle, "Die tuiskoms" in *Keur uit die verhale van J. van Melle*, pp. 115, 116, 117; P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), p. 22.

272 J.W.N. Tempelhoff, Omgewingslagoffers of armblankes? Water en welvaartskepping in die era van Hertzog 1924-1939 (Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing 35, Pretoria, 2006.09.21), p. 4.

273 P.J. de Vos, "Die Bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), p. 93.

274 A.N. Pelzer, "Die 'Arm-blanke' in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882-1891" in *Historiese studies*, 2(3), 1941, p. 128; P.J. de Vos, "Die Bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), pp. 32, 33, 82.

275 P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), pp. 81, 82, 83, 102.

276 P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), p. 102.

as voormanne beskou.[277] Dit het dikwels gebeur dat boere wat ná die Anglo-Boereoorlog bywoners geword het, deur harde werk genoeg kapitaal bymekaar kon maak om weer grondeienaars te word.[278] Diegene wat nie as 'n bywoner 'n bestaan kon maak nie, het soms noodgedwonge stede toe getrek.[279]

***Depressie en droogte***

'n Ramp, of dit nou te veel, te min of geen water is nie, is vanuit 'n historiese oogpunt net 'n gebeurtenis, maar die gevolge kan op die lang termyn die historiese ontwikkeling van die omgewing en sy mense beïnvloed.[280] In die geval van die Koepel-omgewing het die Vaalrivier in 1912 en 1933 opgedroog, en gedurende die somerreënseisoen van 1933 was slegs poele water oor waarvan mens en dier moes lewe. Verder was die veld verdor en witstinkhoutboomtakke is gekap om as veevoer te dien.[281] Die groot depressie van 1929-1933 en veral die daaropvolgende droogte van 1932-1933, met die gepaardgaande misoeste, armoede en skuldlaste, het veroorsaak dat verskeie Koepelboere so verarm het dat hulle na die stede agter werk aan moes trek.[282] Party was gelukkig, maar die meeste was maar sleg daaraan toe. Die lewe en omgewing in die stad het verskil van dié op die platteland, en het nie in almal se smaak geval nie. Dinge was vir hulle kultureel- en volksvreemd. Mense het in armoede en ellende in woonbuurte saamgedrom, waar verskeie maatskaplike euwels soos drankmisbuik, dobbelary en prostitusie te voorskyn getree het. Later is hierdie mense as tydelike trekarbeiders in die myne en sekondêre nywerhede geïntegreer. Indiensneming het noodwendig meegebring dat al hoe meer arbeiders hulle met hul gesinne in die stede gaan vestig het.

Dit is belangrik om die betrokke era in die geskiedenis vanuit 'n ander perspektief te belig. Nie al die boere in die Koepel-omgewing het stede toe getrek nie.

---

277 Byvoorbeeld in die geval van Totius se plaas "Krugerskraal"; GPA, MO2, I.J. Potgieter (54), Krugerskraal 2011.03.16.

278 Byvoorbeeld oupa Gert Jansen van Rensburg van "Kromdraai"; GPA, MO2, S.G. Jansen van Rensburg (41), Kromdraai 2010.08.25.

279 P.J. de Vos, "Die bywoner" 'n Sosiologiese studie (M.A.), p. 27.

280 J. Oosthoek, *Environmental history: an applied science* interview with Christian Pfiser, podcast 25, 2009.12.15 [Website: http://www.eh-resources.org/podcast/podcast2009.html] [Accessed: 2010.05.07]; J. Oosthoek, *Historical climatology and cultural memory of extreme weather events* interview with Christian Pfiser, podcast 29, 2009.12.15 [Website: http://www.eh-resources.org/podcast/podcast2009. html] [Accessed: 2010.05.07].

281 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29.

282 F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se groot trek na die stede: en ander opstelle*, p. 149.

Sommige gesinne het ná 'n eerste ramp na ander vrugbare landbou-omgewings, soos Delareyville en Sannieshof, getrek en daarin geslaag om vir hulself welvaart te skep.[283] Diegene wat in die Koepelarea agtergebly het, het maar sleg teen voorgenoemdes afgesteek.[284] Die droogte-tydperk was daarby nie vir almal so 'n gevoelige slag nie, aangesien sommige inwoners hulle water van die natuurlike fonteine in die rante gekry het, wat nooit opgedroog het nie. Die bou van kanale en 'n private besproeiingskema (Rietpoort-Koppieskraal) het verder meegewerk om behoeftige mense in staat te stel om 'n bestaan te verseker. Ander inwoners het weer die swaarkry van die lewe geredelik aanvaar in hulle geloofoortuiging dat dit "deur God so beskik" is.[285] Hierdie groep het oor die jare 'n sterk geloof en 'n besondere uithouvermoë deur stryd en bedreigings op die plaas ontwikkel. Ná die rebellie (1914) is ook skuldbriewe onderteken om geldelike hulp uit die regering se "Helpmekaar-hulpfonds" te ontvang.[286] Dit is opvallend uit die onderhoude dat die herinneringe van die landelike inwoners wat die droogte tydens hulle kinderjare ervaar het, soos T.T. Cloete, S.L. Jansen van Rensburg en P.A. Gericke, baie meer intens en emosioneel is as dié van byvoorbeeld J.J.L. Venter wat op die dorp (Parys) gebly het waar sy ouers 'n motoronderneming bedryf het.

Natuursomstandighede soos droogtes het ingrypende kultuurveranderinge teweeg gebring. Hierdie veranderinge het tot uiting gekom in sosio-ekonomiese toestande soos armoede, werkloosheid en in sommige gevalle die verbrokkeling van die gesin (soos byvoorbeeld waar 'n pa in die stad gaan werk het en die ma en kinders alleen op die plaas moes agterlaat). Klimaat het 'n merkbare invloed op die digtheid van 'n bevolking, en bevolkingsaanwas neem meestal af vanweë hongersnood tydens droogte-toestande. Onvoldoende watervoorrade het verder kapitaalvertering en finansiële agteruitgang tot gevolg gehad, wat sommige boere in skuld gedompel het.[287] Soms was die reën net te laat om 'n ommekeer of verskil te maak. Die Koepelarea het feitlik oornag ontvolk, en die Venterskroonse gemeente van die Hervormde kerkgenootskap se doop- en belydende lidmaat-

283 GPA, MO2, J.C.A. Jansen van Rensburg (79), Kromdraai 2010.08.25.

284 GPA, MO2, J.C.A. Jansen van Rensburg (79), Kromdraai 2010.08.25.

285 GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk 2008.06.04, 2011.02.10; GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2010.09.29.

286 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (81), Helena 2011.02.05 [afskrif van oorspronklike skuldbrief].

287 GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10.

getalle het dienooreenkomstig gedaal.[288] Die dorpe Reitzburg en Venterskroon, wat hoofsaaklik dienssentrums in die Koepel was, het gevolglik gekwyn en het later hul status as geproklameerde dorpsgebiede verloor. Die positiewe kant van al die menslike ontberinge was dat verandering in die studiegebied, as gevolg van die geïsoleerdheid van die area, traag was, en dat die natuurlandskap en die plaaseenhede in die gebied goed bewaar, en grotendeels ongeskonde gebly het.

**Verstedeliking**

Die armblanke-vraagstuk wat gedurende die eerste vier dekades van die 20ste eeu ontstaan het, is meegebring deur die verlaat van boerderye op die plaas en trek na die werkersklas-milieu in die stede. Hierdie ommekeer het soms te doen met beter werksgeleenthede, omdat mense altyd trek na waar die beste vooruitsigte te vinde is. Vroeër jare was die meeste werk te vinde in die landbou (primêre bedryfsektor). Gevolglik het die meeste mense in die boerderygebiede gewoon. Ná die ontginning van diamante in Kimberley (1867) en goud aan die Rand (1886) het 'n ekonomiese omwenteling plaasgevind. Gesaghebbende bronne dui aan dat daar teen 1910 reeds ongeveer 29% Afrikaners verstedelik het, ná 1936 naastenby 50%, en teen 1960 reeds 75%.[289] Die eerste golf van verstedeliking kan sedert die runderpes (1896-97) waargeneem word. Dit het die Afrikanerboer se bestaansbronne vernietig en die neiging het ontstaan om ekonomiese uitkoms in Johannesburg te gaan soek.[290] Ná die Anglo-Boereoorlog, waartydens ongeveer 35 000 huise afgebrand is en menige veestapels uitgewis is, het landelike armoede momentum gegee aan die verstedelikingsproses.[291] Die nywerheidsomwenteling ná uniewording (1910) en sy nagevolge het 'n drastiese verandering teweeg gebring. Dit het gelei tot die opbloei van fabrieksnywerhede (sekondêre bedrywe), handel, vervoer, finansiële dienste, kommunikasiestelsels, regs- en rekeningkundige dienste asook onderwys en opleiding (tersiêre bedrywe). Teen 1936 het 'n geleidelike vermindering van werksgeleenthede in primêre bedrywe voorgekom as gevolg van faktore soos meganisasie, spesialisasie en beter boerderymetodes. Die hoë bevolkingsaanwas ná die Anglo-Boereoorlog, goedkoop swart arbeid, die depressie (1929-1933) en droogte (1932-1933) het bygedra tot verdere plattelandse verarming en 'n gevolglike toevloei van

---

288 GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

289 H. Giliomee, *The Afrikaners: biography of a people*, p. 405.

290 F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se groot trek na die stede: en ander opstelle*, p. 147.

291 F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se groot trek na die stede: en ander opstelle*, p. 149.

armblankes na die stede en dorpe.[292] Die landbou kon dus nie meer dieselfde aantal mense as voorheen onderhou nie. Terwyl die stede vanaf 1960 groei ervaar het, het 'n merkbare afname in die bevolkingsgetalle van die landelike gebiede plaasgevind. Plattelandse ontvolking was 'n noodwendige gevolg van die proses van verstedeliking. Verder knaag hoër arbeidskoste en bedryfsuitgawes aan die boer se bankrekening totdat niks oorbly nie. Hy moet gevolglik geld leen en rente betaal wat hy nie het nie, en raak gou in die knyp.[293]

Sommige van die ongeskoolde boere het na die plattelandse dorpe getrek en "dorpsarmes" geword, terwyl ander weer na die groter meer geïndustrialiseerde stede getrek het waar hulle as ongeskoolde arbeiders 'n bestaan moes maak.[294] Aanvanklik het verstedeliking die balans van 'baas' (boer) en arbeider herstel, aangesien hulle saam as ongeskoolde arbeiders moes oorleef. Die regering het egter gepoog om die groter wordende armblankegroep te stuit deur blanke arbeid as verpligtend vir alle staatsprojekte te maak, soos met die uitbreiding van die spoorwegnetwerk, die bou van brûe, keerwalle, kanale en damme.[295] Dit het egter weereens die balans tussen blank en nie-blank, tot nadeel van laasgenoemde groep versteur. Swartes het later op al hierdie projekte die harde werk oorgeneem.

### Werkloosheid en ekonomie

Uit die opname van die streeksinkomste van die Vaalrivieropvangsgebied van 1954, het die totale ekonomiese aktiwiteit geneig om veral in die noorde (Potchefstroom) en noord-oostelike gedeeltes (Vaaldriehoek) van die gebied saam te trek.[296] Volgens dieselfde opname het die landbou geneig om in die grasveldbioom (Vredefortkoepel-granietgrasveldbioom en die Carletonville-dolomitiese-grasveldstreek) te sentreer, dus in die Potchefstroom- en Vredefort-omgewings. Die fabriekswese was merendeels in die dorpe en stede (streke)

---

292 F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se groot trek na die stede: en ander opstelle*, p. 149.

293 GPA, MO2, P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10; GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), telefoongesprek 2012-03-19.

294 J.F.W. Grosskopf, *Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika; verslag van die Carnegie-kommissie, ekonomiese verslag, plattelandsverarming en plaasverlating (1)*, p. vii.

295 "European unskilled labour is stipulated for this service" in TAB, PWD, 733 [1533] "Report on delay in completion of contract" 1939.09.07; TAB, PWD, 1943 [6226 deel 2] "Vaal River Bridge Parijs Contractors claims, extracts from correspondence" 1916.09.13.

296 C.H. Boshoff, Die streeksinkome van die Vaalrivieropvangsgebied volgens landdrosdistriksbasis 1954/55-1962 met 'n toekomsprojeksie vir die jaar 2,000 gekorreleer met waterverbruik (M.A.), p. 161.

buite die studiegebied geleë. Gevolglik is vervoer, kommunikasie, handel, finansiële instellings, asook munisipale en regeringsdienste hoofsaaklik in gebiede buite die Koepelarea gesentreer. Dit blyk dus dat hierdie terrein, wat tradisioneel primêr op die landbou aangewese was, se groei sedert 1950 stadig was in vergelyking met dié groei in die omliggende stedelike nodusse soos Potchefstroom, Parys, Vredefort en dié van die Vaaldriehoek soos Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg.[297] Verder het mynbou-aktiwiteite soos goud en diamante (1942) en granietmynbou (1990's), met die uitsondering van enkele sandmyne, grotendeels in dié gebied weens ekonomiese en bewaringsredes tot stilstand gekom.

Dit is van belang om daarop te let dat geen metropolitaanse of kernstreke binne die studiegebied val, met stedelike, nywerheid-, handel-, en administratiewe sentra wat hoë groeipotensiaal besit of wat 'n dominante invloed op die ekonomie van die land uitoefen nie.[298] Daarby is die Koepel-omgewing reeds in 1966 as 'n "agtergeblewe gebied" met 'n relatief stagnante of selfs kwynende ekonomie beskryf. Daar was beperkte ontwikkelingspotensiaal in vergelyking met kernstreke soos byvoorbeeld Johannesburg, as deel van die groter Witwatersrandse streek.[299] Konserwatisme, hoë insetkostes en ook die teenswoordige rivierbesoedeling het negatiewe gevolge wanneer vooruitgang gestrem word. Ten spyte van talle terugslae het die gemiddelde Koepelboer wat verbete voortgebeur het, oor die jare alles in sy vermoë gedoen om sy grond te behou. In sommige gevalle is mense in die stede bankrot verklaar, waarna hulle weer teruggetrek het na die Koepel-omgewing. Dit was goedkoper om in die Koepelgebied te leef.[300]

Tans word die dorp Parys deur besoekers uit die stede oorval. Naweek-eienaars en die besoekers spandeer groot bedrae geld op die dorp, tot voordeel van die streek. Dit blyk dat die trekpleisters die handelsondernemings is van antieke goedere, kunswerke en dekor. Die plaaslike kos-nismark en restaurante speel ook

297 C.H. Boshoff, Die streeksinkome van die Vaalrivieropvangsgebied volgens landdrosdistriksbasis 1954/55-1962 met 'n toekomsprojeksie vir die jaar 2,000 gekorreleer met waterverbruik (M.A.), p. 161.

298 C.H. Boshoff, Die streeksinkome van die Vaalrivieropvangsgebied volgens landdrosdistriksbasis 1954/55-1962 met 'n toekomsprojeksie vir die jaar 2,000 gekorreleer met waterverbruik (M.A.), p. 166.

299 C.H. Boshoff, Die streeksinkome van die Vaalrivieropvangsgebied volgens landdrosdistriksbasis 1954/55-1962 met 'n toekomsprojeksie vir die jaar 2,000 gekorreleer met waterverbruik (M.A.), p. 166.

300 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), telefoongesprek 2012-03-19.

’n betekenisvolle rol. Sommige restaurante gebruik selfs vermaak en kunstenaars om mense te lok. Daarby is dit nie net die tradisionele Afrikaner, Engelsman, Griek of Jood wat in Parys ’n besigheid of restaurant bedryf nie. “Ruby’s” in die hoofstraat, word byvoorbeeld deur ’n Lebanese sakevrou, Theresa Habib, bedryf.[301]

## Toerisme en ontspanning langs die Vaalrivier

### Koepelarea

Die Vaalrivier is ’n trekpleister vir toerisme en ontspanning, wat oor ’n tydperk van meer as 100 jaar strek. Interessant is dat die Vaalrivier se oewer op verskeie plekke ook gedurende die 19[de] eeu ’n gesogte area was om tydens vakansietye met die ossewa uit te span.[302]



Figuur 74: Swemmers op Arm-man-strand, Schoemanshof 1940’s[303]

Daar is nie net jaarliks by Feestdrift nie, maar ook gedurende Desembermaande op ander plase soos Nooitgedacht 662 IQ (*Figuur 74 & Figuur 75*), waar daar baie

301 Anoniem, “Ruby’s” in *Get it Potch Klerksdorp Parys*, 4(12), Mrt. 2011, p. 31.

302 GPA, MO2, I.J. Potgieter (54), Krugerskraal 2011.03.16; GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Nooitgedacht 2011.02.10.

303 G.P. Schoeman, *Schoemanshof, Nooitgedacht fotogalery* [Webwerf: www.schoemanshof.co.za] [Datum geraadpleeg: 2011.11.29].

sand was, vir ongeveer 'n maand lank gekamp. Familie en vriende het van laasgenoemde plaas selfs as 'n 'Arm-man-strand' gepraat.[304]

Vir die inwoners van die Koepel-omgewing het die lewe nie net uit swoeg en swaarkry bestaan nie. Hulle het mekaar graag besoek, en dan gesellig verkeer en ontspan. Op 'n Saterdagmiddag het hulle graag jukskei-wedstryde gespeel en daarna tee en melktert of koek geniet.[305] Naas jukskei is ander boeresport soos riemtrek, sakresies, verspring, naellope, perderesies en skyfskiet as ontspanning en tydverdryf beoefen.



Figuur 75: Uitkamp op Arm-man-strand, Schoemanshof 1940[306]

**Parys as vakansiedorp**

Sedert die einde van die 19de eeu is etlike dorpe langs die Vaalrivier gestig.[307] Die voordeel van Parys is sy ligging langs die rivier en die kort afstand vanaf omliggende stede. Die mense van Johannesburg het graag naweke daar kom ontspan.[308] Die dorpsraad en latere munisipaliteit (sedert 1887) het, nadat Parys as

---

304 GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Nooitgedacht 2011.02.10.

305 S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 68.

306 G.P. Schoeman, *Schoemanshof, Nooitgedacht fotogalery* [Webwerf: www.schoemanshof.co.za] [Datum geraadpleeg: 2011.11.29].

307 Parys in 1883 en Vereeniging in 1892.

308 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 22.

dorp geproklameer is, veral ná die ontdekking van goud aan die Witwatersrand (1886), 'n daadwerklike poging aangewend om dit as vakansiebestemming te bemark.[309] Parys was "the pride of the Vaal"[310] en besoekers is selfs beskryf as "a stream of gold (that) flows into the Vaal River town from outside".[311] Parys se ligging langs die Vaalrivier op die hoofroete van Johannesburg na Bloemfontein, met Lindequesdrift (na Vereeniging) en Schoemansdrift (na Potchefstroom) as twee besige deurgangsroetes, het reisigers na die dorp getrek. Sedert 1887 was die plaaslike toerisme-omgewing hoofsaaklik gesentreer om Boseiland en die Mimosa-tuine-vakansieoord langs die rivier.[312] Mnr. H.H. Beamish, wat 'n konfyt- en lekkergoedfabriek in Parys gehad het, het reeds in 1915 die moontlikheid van toerisme op die dorp besef en in rondawels op Boseiland onderkant die genoemde keerwalle opgerig waar hy bote verhuur het.[313]



Figuur 76: Die duikplank by Mimosa-tuine-ontspanningsoord[314]

309 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, pp. 14, 18.

310 GPA, MO2, E. Bosch (57), Parys 2010.10.26.

311 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 48.

312 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 31.

313 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 31.

314 Parys-museum: fotoversameling.

Vir die plaaslike inwoners was dié ontspanningsfasiliteite en swemplek (*Figuur 76*) 'n lushof van bome waar families uitgespan en piekniek gehou het, kinders gespeel en geswem het en andersins vermaak is, terwyl swaaie, springtou spring (*Figuur 77 & Figuur 78*), volkspele en danse vir volwassenes langs die Vaalrivier gehou is.[315] Op die oewer van die Vaalrivier en by die "Mix" op Mimosa-tuine is voorheen, veral op Oujaarsdag, vakansiedae en Saterdae partytjie gehou.[316] Skuins oorkant die kafee was 'n sementblad met 'n grasdak wat op die Vaalrivier uitkyk, waar plaaslike orkeste musiek gemaak en mense tot laat gedans het.[317]



Figuur 77: Volwassenes wat swaai langs die Vaalrivier[318]

---

315 M. de Beer & B.J. Barker, *The past: South Africa in photographs 1843-1910*, pp. 76-77; GPA, MO2, E. Bosch (57), Parys 2010.10.26; GPA, MO2, M. de Ponte (45), Parys 2011.01.26.

316 GPA, MO2, E. Bosch (57), Parys 2010.10.26.

317 GPA, MO2, E. Bosch (57), Parys 2010.10.26.

318 M. de Beer & B.J. Barker, *The past: South Africa in photographs 1843-1910*, p. 76.


Figuur 78: Springtou-spring as volwasse vermaak[319]

Die oorspronklike vooruitgang en ontwikkeling van die dorp as vakansiedorp kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die aanlê van 'n sylyn vanaf Dover-stasie na Parys (1905) en, ná Uniewording (in 1910), die bou van 'n brug oor die Vaalrivier (1915) teenaan die dorp.[320] Aandag is destyds ook gegee aan: die beveiliging van die swemarea; die oprigting van ander ontspanningsfasiliteite; en die stigting van 'n swem- en bootklub.[321] Verder is daar in 1918 toestemming van die dorpsraad gevra om 'n vermaaklikheidsplek en kafee by die Mimosa-tuine op te rig.[322] Immigrante-gesinne in Parys het ingeskakel by die plaaslike inwoners se ontspannings-aktiwiteite op die walle van die Vaalrivier.[323] Op die eilande is uitgekamp. Daar was ook kano- en bootritte (*Figuur 79 & Figuur 80*) op die rivier,

319 M. de Beer & B.J. Barker, *The past: South Africa in photographs 1843-1910*, p. 77.

320 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, pp. 19, 20, 25, 37, 62.

321 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, pp. 31-32.

322 J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 37.

323 GPA, MO2, M. de Ponte (45), Parys 2011.01.26; GPA, MO2, C. Gluchowski (56), Parys 2011.01.26.

en uitstappies gereël na Mimosa-tuine. Daar is gehengel en in die rivier geswem, geduik en gespeel.




Figuur 79: 'n Boot op die Vaalrivier by Parys se brug[324]




Figuur 80: Bootritte op die Vaalrivier by Parys se brug[325]

324 TAB, foto 24674.

Op die feesgronde is veral op Sondae piekniek gehou terwyl vryetyd in gesinsverband by die rivier gespandeer is.[326] Al hierdie aktiwiteite was egter slegs vir die blankes gereserveer.

Die afname van Parys-toerisme sedert 1994 kan grootliks toegeskryf word aan swak munisipale bestuur en die gepaardgaande agteruitgang van die bestaande Mimosa-tuine-vakansieoord. Die oord se swembad van Olimpiese formaat (*Figuur 81*) en restaurant is tot niet, en die ablusie-geriewe en oornag-fasiliteite was teen 2013 in 'n haglike toestand.[327] Die faktore wat blankes vroeër na hierdie area getrek het, was die gevoel van "heaven on earth" en 'n positiewe gees van plek.[328] Blanke kampeerders en piekniekgangers is egter ná 1994 weggestoot deur die swak versorging van die terrein en die rioolbesoedeling van die Vaalrivier waarvan hulle in die media gelees het. Al is Mimosa-tuine swak bestuur, het dit tog ander groepe in die samelewing aangetrek. Oor naweke word busse vol jong mense uit die nabygeleë lokasie (township) by dié oord afgelaai.[329] Dit blyk dat meeste mense hulself geniet, drank in oormaat gebruik, hard praat, lag en luidrugtige musiek speel, tot groot ontsteltenis van die huisbewoners in Boomstraat.[330] Daar is aanduidings dat mense van verskillende ouderdomsgroepe, kulture en agtergronde die terrein bevredigend vir afleidingsbehoeftes vind. Sommige mense is min gepla oor die besoedelde rivier – en nog minder met tuine en skoon geriewe. Hulle bring hul eie musiek, eet- en drinkgoed en geniet die vryheid om saam met vriende te braai en kuier. 'n Entrepreneur van Tumahole, wat sy eie vuuraanstekers uit afvalpapier vervaardig en naweke by die oord verkoop, sit graag langs die rivier vir ontspanning.[331] Die rivier is vir hom 'n "lekker plek" waar hy ontspan en dit gee vir hom boonop "nuwe gedagtes".[332] Ander mense, meestal blankes, verkies "vrede vir hulle siel" deur tuis te bly, waar hulle noodgedwonge

---

325 TAB, foto 24675.

326 GPA, MO2, M. de Ponte (45), Parys 2011.01.26.

327 J.W.N. Tempelhoff *et al*, "An Investigation into the environmental health of the Vaal River in the vicinity of Parys" (Report 1/2008. Research Niche Area for the Cultural Dynamics of Water, North-West University, Vanderbijlpark, 2008).

328 K. Puren, Sin van plek skyfie vertoning, Vriende van die Koepel/Vredefortkoepel Bewarea-jaarvergadering, Ibalabala 2010.08.21.

329 GPA, MO2, J.G.E. Fourie (76), Parys 2010.12.01.

330 GPA, MO2, J.G.E. Fourie (76), Parys 2010.12.01.

331 GPA, MO2, E. Mhlahlo, (29), Venterskroon 2010.11.27.

332 GPA, MO2, E. Mhlahlo, (29), Venterskroon 2010.11.27.